- (4) A cleaning schedule should be kept and maintained for cleaning of all areas in the facility.
- (5) Appropriate cleaning material and equipment should be available on the premises.

PREMISES THAT DO NOT NEED A HEALTH CERTIFICATE

ANNEXURE B: 1

STANDARDS FOR DRY CLEANING AND LAUNDRY ESTABLISHMENTS

Dry cleaning and laundry establishments must comply with the following Environmental Health standards:

1. Structural facilities

- (1) The layout of the laundry and plant in health facilities for controlling of infection; and avoiding contamination.
- (2) Drainage for laundry from health facilities should be and not connected to storm water drainage.

2. Water supply and sanitation facilities

- (1) Toilet facilities should be equipped with a flushing system and a constant supply of toilet running water, and provided with toilet paper, soap and disposable paper towel.
- (2) A supply of soap and disposable towels at every hand wash basin.
- (3) drainage and sewage disposal should be in place on the premises, approved by the local authority concerned.

ANNEXURE B: 2

STANDARDS FOR CONSTRUCTION SITES AND INDUSTRIAL PREMISES

Construction sites must comply with the following standards:

1. Water supply and sanitation facilities

- (1) Adequate toilet facilities should be provided for use by construction workers. At least 1 (one) toilet and one hand wash basin is provided for every 20 employees on the premises (ratio 1:20). In addition at least one urinal should be provided for every 40 males on site (ratio 1:40). If more than 200 employees are employed on the site, at least 1 (one) toilet and 1 (one) urinal must be provided for at least every 50 workers (ratio 1:50);
- (2) Wash-up facilities equipped with potable water should be provided for employees, especially employees engaged in the application of paints, coating, pesticides etc.
- (3) Toilet and washing facilities should always be maintained in a sanitary condition.

2. Physical facilities

Whenever food is prepared and served on the premises, the facilities used for the preparation, handling, storage and serving of foodstuffs must comply with the requirements of the applicable Regulations Governing General Hygiene Requirements and the Transport of Food.

3. Waste management and waste water

- (1) Private sewerage disposal works or refuse (landfill) disposal sites managed must be operated effectively in accordance with prescribed legislation and permit conditions for operation of landfills and sewerage works.
- (2) Evaluations/monitoring must be included in the waste/pollution management plans and must be implemented per plans.
- (3) Final effluent or sludge emanating from the sewerage disposal works should be utilised in accordance with prescribed national guidelines to prevent soil and water pollution.
- (4) The sewerage drainage system must be maintained effectively to prevent blockages and spills that could give rise to environmental pollution.
- (5) Staff responsible for the operation of waste water disposal works or facilities should be well trained to operate the facilities effectively and pollution free.
- (6) All necessary information concerning operations at these facilities as required by permit conditions and legislation should be recorded.
- (7) Results of final sewage effluent of sewerage disposal sites should be recorded.
- (8) Waste material and debris should be removed to a disposal area and re-usable material should be sorted and moved to a storage area at least once daily to prevent a hazardous condition arising.
- (9) Waste generated should be disposed of at an approved landfill site and in accordance with the relevant by-laws of a Local Authority concerned.
- (10) Rubbish, debris and other waste material from the demolition or construction of projects should be temporarily disposed of in a designated area on site and access to the area should be strictly controlled and disposed of at an approved waste facility.

ANNEXURE B: 3

STANDARDS FOR PUBLIC GATHERING PLACES

Public gathering places must comply with the following Environmental Health Standards:

1. Waste management

- (1) The management of waste on the premises should comply with the relevant by-laws of the applicable Local Authority and regulated by the local authority
- (2) Refuse bins should be provided at strategic points throughout the premises for collection of litter.
- (3) On-site management of waste should be available on the premises during events, for management of spillages and littering, to prevent a nuisance from occurring.
- (4) Arrangements should be in place between the event manager and the Local Authority, with regards to waste management during and after an event.

2. Drinking water supply

- (1) In the case of events, water points should be available at strategic points throughout the premises.
- (2) If water tankers are used during events, the water must comply with SANS 241 of 2015 as amended.

3. Sanitation facilities

- (1) Adequate toilet and hand washing facilities should be provided for staff and for the public.
- (2) Suitable, effective drainage and sewage disposal system should be in place on the premises

4. For short-term events

- (1) If chemical closet toilets are used, an on-site maintenance team should be available on the premises for the duration of the event to ensure the prevention of blockages and leakages from creating a nuisance and health hazard from occurring; and
- (2) A site plan detailing the location and type of sanitary facilities to be used during events should be submitted to the Environmental Health Practitioner

ANNEXURE B: 4**STANDARDS FOR KEEPING OF ANIMALS ON PREMISES**

Premises used for the keeping of animals must comply with the following: The premises may not constitute a health nuisance.

ANNEXURE B: 5**Slaughtering of animals for religious, traditional, cultural ceremonial and own consumption purposes**

- (1) No meat or animal product obtained from an animal slaughtered for cultural, traditional, religious purposes or own consumption, may be sold to any person.
- (2) In the case of religious or traditional slaughtering, the applicant must apply with the local municipality and they must notify the Environmental Health Practitioner to approve the event.
- (3) Blood and other waste products from the carcass must be disposed of in a manner which will not become a health nuisance.
- (4) Measures should be taken to ensure that no health nuisance is created or exist on the premises because of the slaughtering.

ANNEXURE B: 6**Pet shops and pet parlours**

The premises may not constitute a health nuisance.

ANNEXURE B: 7**STANDARDS FOR PRISONS, INCLUDING POLICE STATION HOLDING CELLS**

Prisons, including police station holding cells must comply with the following standards:

1. Structural facilities

Holding cells should always be kept clean, free from debris, litter and other miscellaneous rubbish and be maintained in good repair.

2. Toilet and ablution facilities

- (1) Adequate toilet, hand washing and shower facilities should be provided on the premises for use by service users/inmates.
- (2) Toilet facilities must always be kept clean.

ANNEXURE B: 8**STANDARDS FOR VACANT LAND**

Vacant land may not constitute a health nuisance.

ANNEXURE B: 9**STANDARDS FOR OFFICE ACCOMMODATION**

Office buildings and accommodation may not constitute a health nuisance.

**OVERBERG DISTRIKSMUNISIPALITEIT
VERORDENING INSAKE MUNISIPALE GESONDHEIDSDIENSTE**

Om voorsiening te maak vir Munisipale Gesondheidsdienste en aangeleenthede wat daarmee gepaard gaan:

AANHEF

Die Raad van die OVERBERG DISTRIKSMUNISIPALITEIT het kragtens die bepalings vervat in artikel 156(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996), saamgelees met artikel 13(a) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000), soos gewysig, die Verordening insake Munisipale Gesondheid in die Aanhangsel hieronder ingestel –

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INTERPRETASIE EN GRONDBEGINSELS

1. Woordomskrywings
2. Toepassing van hierdie verordening
3. Oogmerk
4. Omvang van toepaslikheid
5. Beginsels

HOOFSTUK 2: ALGEMENE BEPALINGS WAT MET GESONDHEIDSOORLASTE

VERBAND HOU

6. Optrede en gedrag
7. Verbod op die skepping, bestaan of voorkoms van 'n gesondheidsoorlas
8. Plig om 'n gesondheidsoorlas uit te skakel of verminder

HOOFSTUK 3: STANDAARDE VAN TOEPASSING OP ALLE PERSELE

9. Standaard van toepassing op persele
10. Gesondheidsertifisering
11. Nienakoming

HOOFSTUK 4: WATER EN SANITASIE

12. Pligte en verbodbepalings

HOOFSTUK 5: AFDWINGING

13. Nakomingskennisgewing en verhoë
14. Verbod-kennisgewing
15. Terugtrekking van verbod-kennisgewing
16. Munisipale remediërende werk
17. Beleide en riglyne

HOOFSTUK 6: ALGEMENE BEPALINGS

18. Bekragtiging en betekening van kennisgewings en ander dokumente
19. Appèl
20. Misdrywe en strawwe
21. Samewerking tussen munisipaliteite en toepassing
22. Vrystellings
23. Herroeping van verordening
24. Kort titel en aanvang

STANDAARDE VAN TOEPASSING OP PERSELE

PERSELE WAT OOR 'N GESONDHEIDCERTIFIKAAT MOET BESKIK

AANHANGSEL A:

- A1. Standaard vir kindersorgsentrumme / VKO's
- A2. Vereistes vir kinderhuise

- A3. Vereistes vir verpleeginrigtings
- A4. Vereistes vir gesondheidsorgrisiko-afval
- A5. Standaarde vir ouetehuse
- A6. Standaarde vir skoolpersele
- A7. Standaarde vir verblyfondernemings
- A8. Standaarde vir skoonheidssalonne
- A9. Standaarde vir hinderlike bedrywe
- A10. Standaarde vir gesondheidsinrigtings

AANHANGSEL B:

Persele wat **NIE** 'n Gesondheidsertifikaat **BENODIG NIE**

- B1. Standaarde vir droogskoonmaak- en wassery-ondernemings
- B2. Standaarde vir bouerreine en industriële persele
- B3. Standaarde vir openbare bymekaarkomplekke
- B4. Standaarde vir die aanhou van diere op persele
- B5. Die slag van diere vir godsdienstige, seremoniële en eie verbruik
- B6. Troeteldierwinkels en -salonne
- B7. Standaarde vir gevangnisse, insluitende polisiestasie-aanhoudingselle
- B8. Standaarde vir onbeboude grond
- B9. Standaarde vir kantoorruimtes

HOOFSTUK 1:**INTERPRETASIE EN GRONDBEGINSELS**

1. Woordomsrywings
2. Toepassing van hierdie verordening
3. Oogmerk
4. Omvang van toepaslikheid
5. Beginsels

1. Woordomsrywings

In hierdie verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken: –

“aanstootlike materiaal” tuinrommel, vullis, afvalmateriaal, rommel, skroot, weggooi-artikel of -ding, uitgediende masjinerie, motor- of ander voertuie, asook die uitgediende dele daarvan, afval van enige boubedryghede, of enige afval wat op enige grond of perseel gestort kan word, insluitend nuwe of gebruikte boumateriaal wat nie eintlik nodig is ten opsigte van bona fide boubedryghede wat werklik op enige grond plaasvind nie, en sluit in enige vaste stof, vloeistof of gas wat ’n oorlas is of kan word of wat wesenlik met die algemene gerief of gemak van die publiek inmeng;

“afval” enige stof, hetsy daardie stof verminder, hergebruik, herwin en herstel kan word al dan nie –

- (a) wat surplus, ongewens, verwerp, weggegooi, verlaat of mee weggedoen is;
- (b) wat die voortbringer geen nut meer voor het nie (vir die doel van produksie);
- (c) wat behandel of verwyder moet word; of
- (d) wat deur die Minister deur middel van kennisgewing in die Staatskoerant as afval geïdentifiseer word, en sluit afval in wat deur die mynbou-, mediese of ander sektor voortgebring word, maar
 - (i) ’n neweproduk word nie as afval beskou nie; en
 - (ii) enige deel van afval, sodra dit herbruik, herwin en herstel is, is nie langer afval nie;

Afval sluit enige soliede materiaal

of materiaal in wat in water dryf, opgelos of vervoer word (insluitend sediment) en wat op grond of in ’n waterbron gestort of gedeponeer word in hoeveelhede, samestelling of op ’n wyse wat veroorsaak of redelikerwys moontlik kan veroorsaak dat die waterbron besoedel word;

“afvalwater” die afvalwater wat voortspruit uit huishoudelike, kommersiële en landbou-aktiwiteite en -persele, en enige vorm van riool kan bevat;

“akwatiese fauna” enige akwatiese lewendige organisme van akwatiese bronne, insluitend enige akwatiese plant, hetsy visagtig of nie, en enige weekdier, skaaldier, reptiel, akwatiese soogdier en voël, en sluit dit hulle eiers, larwes en alle jeugdige stadiums in;

“baba” ’n kind wat jonger as twee jaar oud is;

“begraafplaas” enige grond wat een of meer grafte bevat;

“besoedeling” enige verandering in die omgewing wat veroorsaak word deur – enige aktiwiteit, insluitend die berging of behandeling van afval of stowwe, bouwerke en die verskaffing van dienste, hetsy uitgevoer deur enige persoon of ’n staatsorgaan, waar daardie verandering ’n nadelige uitwerking het op menslike gesondheid of welstand of op die samestelling, veerkragtigheid en produktiwiteit van natuurlike of bestuurde ekosisteme, of op materiaal wat nuttig is vir mense, of wat in die toekoms so ’n uitwerking sal hê;

“besproeiing” die aanwending van water op enige gronde of terrein vir enige doel, en sluit in afvalwater of water wat afval bevat wat deur enige aktiwiteit voortgebring is;

“bewoner” enige persoon wat enige perseel of deel daarvan bewoon sonder inagneming van die titel waaronder hy of sy dit bewoon, insluitende –

- (a) enige persoon wat werklik die perseel bewoon;
- (b) enige persoon wat wettig geregtig is om die perseel te bewoon;
- (c) in die geval waar die perseel onderverdeel is en aan loseerders of verskeie huurders verhuur word, die persoon wat die huurgeld betaalbaar deur sulke loseerders of huurders ontvang, hetsy vir die persoon se eie onthalwe of as ’n agent vir enige persoon daarop geregtig is of wat ’n belang daarby het;
- (d) enige persoon belas met die beheer of bestuur van die perseel, en dit sluit in die agent van enige sodanige persoon wanneer die persoon nie in die Republiek van Suid-Afrika teenwoordig is nie of wanneer sy of haar doen en late onbekend is; en
- (e) die eienaar van daardie perseel;

“bioafbreekbare industriële afvalwater” afvalwater wat hoofsaaklik organiese afval bevat wat voortspruit industriële aktiwiteite en persele, insluitende maar nie beperk nie tot:

- (a) melkverwerking;
- (b) verwerking an groente- en vrugteprodukte;
- (c) vervaardiging en bottelering van koeldrank;
- (d) bottelering van water;
- (e) produksie van alkohol en alkoholiese drank in brouerye, wynmakerye of mouterye;
- (f) vervaardiging van dierevoedsel uit plant- of dierprodukte;
- (g) abattoirs;
- (h) visverwerking;
- (i) voerkrale;
- (j) kaasmakery en -verwerking;
- (k) komposaanleg; en
- (l) aanleg vir die verwerking van biodiesel;

“dier” enige soort perd, bees, skaap, bok, vark, pluimvee, kameel, hond, kat of enige ander huisdier, of enige wilde dier of reptiel of enige seedier of akwatiese organisme wat in aanhouding of onder die beheer van ’n persoon is;

“diere-afval” die ontlasting, mis, keutels, verharing, vere, bene, horings, bloed, velle en ingewande of enige ander afval van ’n dier, reptiel, voël of pluimvee en enige see- of akwatiese organisme;

“dieresiekte” ’n aantasting of versteuring van die normale funksie van ’n orgaan of die liggaam van enige dier wat deur ’n organisme of stof veroorsaak word;

“drinkwater” water wat aan SANS 241 voldoen;

“droogskoonmakery of wassery” enige onderneming waar klere of ander tekstiele met water of ander oplosmiddels skoongemaak word, of waar klere of tekstiele gestryk word;

“eienaar” ten opsigte van –

- (a) diere of dinge, vervoermiddels of ander roerende eiendom, die persoon in wie eienaarskap berus en sluit in ’n persoon wat verantwoordelik is vir die beheer of bestuur daarvan of ’n persoon wat sodanige dier of ding, vervoermiddel of roerende eiendom in sy of haar besit het, maar in die geval van wild of diere wat nie geklassifiseer is kragtens die Wet op Identifisering van Diere, 2002 (Wet No. 6 van 2002) of waarvan die eienaarskap nie redelikerwys vasgestel kan word nie, word die gebruiker van die grond waarop sodanige wild of diere teenwoordig is, geag die eienaar te wees; en
- (b) grond –
 - (i) die persoon in wie se naam daardie grond geregistreer is;
 - (ii) wat gekoop is deur ’n persoon maar wat nog nie in sy of haar naam geregistreer is nie, sodanige koper;
 - (iii) waarvan die eienaar of koper ’n minderjarige, verstandelik gestremde, insolvente persoon is of andersins wetlik onbevoeg is om sy of haar boedel te administreer, of wat oorlede is, of wat ’n

regspersoon onder geregtelike bestuur of likwidasie is, beteken dit die agent of regsverteenvoerder van sodanige eienaar of koper of 'n ander persoon wat wetlik gemagtig is om sy of haar sake te administreer, of in die geval van 'n regspersoon, die betrokke geregtelike bestuurder of likwidateur; en

- (iv) 'n plaaslike munisipaliteit wat in beheer is van grond uit hoofde van die bevoegdheids en funksies daaraan verleen kragtens Skedule 4B en 5B van die Grondwet;

“gebruiker” met betrekking tot grond –

- (a) enige persoon wat 'n persoonlike of saaklike reg het ten opsigte van grond in sy of haar hoedanigheid as beswaarde, afgevaardigde, serwituuthouer, besitter, huurder of bewoner, ongeag of hy of sy daarop woon of nie; en

- (b) enige ander persoon wat gewoonlik geag word as 'n persoon wat besitreg op die betrokke grond het;

“gesondheidsertifikaat” 'n gesondheidsertifikaat wat kragtens hierdie verordening uitgereik word;

“gesondheidsoorlas” 'n voorkoms soos in hoofstuk 2(6)(1) en (2) uiteengesit;

“gesondheidsorgfasiliteit” 'n gesondheidsinrigting soos in die Wet omskryf;

“gesondheidsorgrisiko-afval” 'n verwysing na gesondheidsorgafval as 'n neweproduk van gesondheidsorg wat skerp voorwerpe, stomp voorwerpe, bloed, liggaamsdele, chemikalieë, medikasie, mediese toestelle, ens. insluit;

“gevaar” die weselike moontlikheid of vermoë van 'n agens, toerusting, materiaal, aktiwiteit of proses om skade te veroorsaak;

“gevaarlike afval” enige afval wat organiese of anorganiese elemente of verbindings bevat wat as gevolg van die inherente fisiese, chemiese of toksikologiese eienskappe van daardie afval 'n nadelige uitwerking op gesondheid en die omgewing mag hê;

“gevaarlike stowwe” enige stof wat die besering, swak gesondheid of dood van mense mag veroorsaak as gevolg van hul giftige, korroderende, prikkelende, sterk gevoelige of vlambare aard, of die opbouing van druk daarin onder sekere omstandighede tydens invoer, vervaardiging, verkoop, gebruik, bedryf, toepassing, wysiging, wegdoening of storting; dit sluit gevaarlike chemiese stowwe en stowwe soos 'n vaste stof, vloeistof, gas, aërosol of kombinasie daarvan in, maar sluit gevaarlike elektroniese produkte en radioaktiewe stowwe uit;

“goedgekeur” deur die munisipaliteit goedgekeur kragtens die omgewingsgesondheidsvereistes van die betrokke geval;

“goedgekeurde bouplan” 'n verwysing na bouplanne wat deur die plaaslike munisipaliteit goedgekeur is;

“grondopvulterrein” 'n fasiliteit vir afvalverwydering, soos omskryf in die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afval, 2008 (Wet No. 59 van 2008) en sluit oordragstasies en aflaaierreine in;

“hondehawe” enige inrigting waar bedrywighede met die teel, opleiding of huisvesting van honde te make het en sluit in skutte wat deur die staat of andersins bedryf word;

“hondeherberg” 'n verblyfonderneming wat vir die huisvesting van honde voorsiening maak;

“huis vir bejaardes” 'n inrigting of ander plek van huisvesting wat hoofsaaklik vir die verblyf en versorging van bejaarde of verswakte persone onderhou word;

“karkas” die oorblyfsels van enige dier of pluimvee;

“katherberg” enige onderneming waar katte geteel of gehuisves word;

“kind” enige persoon onder die ouderdom van 18 jaar en “kinders” het 'n gelykstaande betekenis;

“kindersorgfasiliteit of -inrigting” enige onderneming of inrigting, hetsy met ’n winsmotief of andersins, wat vir ’n volle dag of gedeelte van die dag op alle of enige dae van die week betrokke is by kinders se bewaring, versorging of onderrig, of die gebou of die perseel wat in stand gehou of gebruik word met die doel om so ’n onderneming of inrigting daarin of daarop te bedryf, na gelang van die geval;

“krematorium” ’n plek wat gebruik vir die verassing van ’n lyk en sluit elke deel van so ’n perseel in;

“munisipaliteit” die Overberg Distriksmunisipaliteit ingestel kragtens artikel 12 van die Wet op Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998) en uitgevaardig in Provinsiale Kennisgewing 492 gedateer 22 September 2000, en sluit enige politieke struktuur, politieke ampsdraer, Raadslid, behoorlik gemagtigde agent of enige werknemer daarvan in wat met betrekking tot hierdie verordening optree uit hoofde van ’n bevoegdheid van die munisipaliteit wat aan sodanige politieke struktuur, politieke ampsdraer, Raadslid, agent of werknemer gedelegeer of gesubdeleer is;

“nadelig vir gesondheid” enige situasie wat ’n nadelige uitwerking op ’n persoon se gesondheid mag hê;

“omgewing” die omgewing waarbinne mense bestaan, bestaande uit –

- (a) die grond, water en atmosfeer van die aarde;
- (b) mikro-organismes, plant- en dierelewe;
- (c) enige deel of kombinasie van (a) en (b) en die onderlinge verwantskappe tussen hulle; en
- (d) die fisiese, chemiese, estetiese en kulturele eienskappe en toestande van die voorgaande wat menslike gesondheid en welsyn beïnvloed;

“omgewingsgesondheidpraktisyn” die persoon wat kragtens artikel 80(1)(c) van die Wet op Nasionale Gesondheid, 2003 (Wet No. 61 van 2003) deur die Burgemeester aangestel word en deur die Munisipale Bestuurder aangestel word om ’n munisipale gesondheidsdiens in die Overberg-distrik te lewer;

“ontvangsdepot vir droogskoonmakery of wassery” enige perseel wat gebruik word vir die ontvangs, berging en versending van klere en ander tekstiele wat op ’n droogskoonmakery of wassery betrekking het;

“oordraagbare siekte” ’n siekte wat as gevolg van ’n bepaalde aansteeklike agens of sy giftige produkte voortspruit uit die oordrag van die agens of sy produkte van ’n besmette persoon, dier of lewelose reservoir na ’n vatbare gasheer, eerder direk of indirek deur ’n intermediêre dier- of plantgasheer, draer of lewelose omgewing;

“openbare bymeakaarkomplekke” openbare plekke soos winkelsentrums, lughawens, bioskope, sportvelde, stadions, openbare geleenthede, sale, insluitend persele wat deur die regering besit of beset word;

“openbare plek” enige openbare –

- (a) grond, plein, swembad, oord, ontspanningsterrein, diere-, botaniese of ander tuin, park of staproete, insluitend enige gedeelte daarvan en enige fasiliteit of apparaat daarin of daarop, asook enige oop ruimte, pad, padreserwe, reservaatpad, meer, dam of rivier;
- (b) gebou, struktuur, saal, vertrek of kantoor, insluitend enige gedeelte daarvan en enige fasiliteit of apparaat daarin, wat die eiendom is van, of besit, beheer of verhuur word deur die munisipaliteit en/of plaaslike munisipaliteit en waartoe die publiek toegang het, hetsy teen betaling van toelatingsgeld al dan nie;

“permit” die skriftelike toestemming wat deur die plaaslike munisipaliteit verleen word;

“persoon” sluit enige regeringsfeer in; natuurlike en regspersoon sluit enige regeringsfeer in; natuurlike en regspersoon;

“perseel” enige gebou, tent of enige ander struktuur, tesame met die grond waarop dit geleë is en die aangrensende grond wat in verband daarmee gebruik word en enige grond sonder geboue of tente, en sluit enige voertuig, vervoer, skip of boot in;

“plaag” enige dier wat insekte en knaagdiere insluit wat siekte kan oordra;

“plaagbeheerprogram” ’n program wat die eienaar/bestuurder op skrif gestel het en die aktiwiteite uiteensit wat vir die beheer van plaag op ’n perseel uitgevoer sal word;

“plaagdoder” enige stof of mengsel van stowwe van chemiese of biologiese bestanddele wat bedoel is om enige plaag af te weer, te vernietig of te beheer;

“plaaslike munisipaliteit” ’n Kategorie B-munisipaliteit soos beoog in artikel 155(1)(b) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996);

“plek van versorging” ’n perseel waar ’n persoon of instelling die besigheid van ’n vroeëkindontwikkeling-sentrum, ouetehuis, verpleeginrigting, kraaminrigting bedryf, of welke besigheid uit een of meer of ’n kombinasie daarvan bestaan, soos deur die plaaslike munisipaliteit goedgekeur;

“pluimvee” enige hoender, gans, volstruis, eend, duif, kalkoen, muskus, tarentaal, pou of voël, hetsy makgemaak of wild;

“publiseer” ten opsigte van die bepalings –

- (a) om ’n kennisgewing in die Provinsiale Koerant en ’n plaaslike koerant te publiseer; en
- (b) om die kennisgewing wat as sodanig gepubliseer is, op die kennisgewingborde van die munisipaliteit te vertoon;

“Raad” die Raad van die Overberg Distriksmunisipaliteit;

“salon” ’n plek waar enige een of meer van die dienste of aktiwiteite bedoel in die omskrywing van barbier, haarkapper, skoonheidskundige, lyfpriemer of tatoeëerder normaalweg bedryf word;

“see-fauna” enige lewendige bronne uit die see en langs die kus, insluitend enige akwatiese plant, hetsy visagtig of nie, en enige weekdier, skaaldier, koraal, spons, seekomkommer of ander eginoderm, reptiel, see-soogdier en seevoël, en sluit hulle eiers, larwes en alle jeugdige stadiums in;

“skoonheidsalon” ’n perseel waar ’n persoon die besigheid van ’n barbier, haarkapper, skoonheidskundige, lyfpriemer of tatoeëerder bedryf in ’n salon of enige ander plek wat deur die munisipaliteit goedgekeur is, welke besighede uit een of meer, of ’n kombinasie daarvan, van voorgemelde bestaan en op die manlike of vroulike liggaam van ’n mens toegepas word;

“struktuur” enige stal, skuur, varkhok, kraal, voëlhuis, veekamp, bedekte struktuur, pluimveehok, omheinde gebied, loophok, duiwehok of gebou wat gebruik word vir die aanhou, huisvesting of inkamping van diere en pluimvee;

“swembad” ’n swembad, spa-bad, insluitend ’n jacuzzi, wat vir die publiek toeganklik is, en sluit swembaddens by skole of ander tersiëre instellings in;

“troeteldiersalon” ’n onderneming waar troeteldiere versorg word;

“troeteldierwinkel” ’n onderneming waar troeteldiere vir handelsdoeleindes aangehou word;

“uitvloeiisel” afvalwater wat as gevolg van ’n aktiwiteit gegenerer word;

“verantwoordelike gesag” die gesag of munisipaliteit wat vir die funksies (die uitvoering van afvalverwydering) in die regsgebied van Overberg Distriksmunisipaliteit verantwoordelik is;

“verblyfonderneming” ’n plek waar verblyf voorsien word met ’n winsmotief, met of sonder maaltye;

“voldoende” die mening van die Omgewingsgesondheidpraktisyn;

“vrye ruimte” die ruimte in ’n vertrek wat nie deur vasstaande meubels of ander apparaat beset word nie;

“water vir ontspanningsdoeleindes” openbare en privaat swembaddens, spa-baddens, oseane, riviermondings, riviere en damme;

“waterbron” onder meer 'n waterloop, oppervlakwater, dam, riviermonding in;

“Wet” die Wet op Nasionale Gesondheid, 2003 (Wet No. 61 van 2003).

2. Toepassing van hierdie verordening

Die munisipaliteit, bewus van die grondwetlike reg van elke persoon op 'n omgewing wat nie skadelik vir sy of haar gesondheid of welsyn is nie, en die beginsels van die Wet op Nasionale Gesondheid, 2003 (Wet No. 61 van 2003), aanvaar hierdie verordening met die doel om die gesondheid en welsyn van alle mense in die regsgebied van Overberg Distriksmunisipaliteit te beskerm en te bevorder deur ooreenstemmend toepaslike wetgewing 'n geregtelike en administratiewe raamwerk te voorsien waarvolgens die munisipaliteit sy munisipale gesondheidsverpligtinge kan ontwikkel, bestuur en bevorder.

Die bepalings van hierdie verordening het voorrang bo die bepalings van enige ander verordening of soneringskema van toepassing in die distrik, in soverre sodanige ander verordening enige aspek van Munisipale Gesondheidsdienste kragtens die bepalings van die Wet reguleer.

Ongeag enige bepalings van hierdie verordening, is dit en bly dit die eksklusiewe verantwoordelikheid van die eienaar, bestuurder of persoon in beheer om toe te sien dat sy of haar perseel aan die bepalings van hierdie verordening voldoen.

3. Oogmerk

Die doel van hierdie Verordening insake Munisipale Gesondheidsdienste is om die munisipaliteit in staat te stel om die gesondheid en welsyn van mense in die munisipale gebied oor die langtermyn te beskerm.

4. Omvang van toepaslikheid

Hierdie verordening is van toepassing op die munisipale gebied waar die munisipale gesondheidsdienste gelewer word.

5. Beginsels

Die oorkoepelende beginsels van hierdie verordening is daardie beginsels wat in Hoofstuk 2 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996) vervat is.

HOOFSTUK 2

ALGEMENE BEPALINGS WAT MET GESONDHEIDSOORLASTE VERBAND HOU

6. Optrede en gedrag
7. Verbod op die skepping, bestaan of voorkoms van 'n gesondheidsoorlas
8. Plig om 'n gesondheidsoorlas uit te skakel of verminder

6. Optrede en gedrag

- (1) 'n Gesondheidsoorlas bestaan of kom voor wanneer enige van die volgende op enige grond of perseel voorkom –
 - (a) 'n swembad, waterpoel, sloot, geut, misput of -hoop wat so vuil of in so 'n toestand of so geleë of opgerig is dat dit nadelig vir gesondheid is;
 - (b) die opeenhoping van afval of ander stof wat nadelig vir gesondheid is;

- (c) besproeiing van enige grond met afvalwater of water wat afval bevat en nadelig vir gesondheid mag wees;
 - (d) waar water of water wat afval bevat wat nadelig vir gesondheid is, in 'n waterbron gestort word;
 - (e) waar rioolslyk nie deur middel van 'n goedgekeurde rioolverwyderingstelsel verwyder word nie;
 - (f) 'n gebou, struktuur en/of aanliggende grond –
 - (i) wat so opgerig of geleë is of gebruik of gehou word dat dit nadelig vir gesondheid is;
 - (ii) wat besmet is met plaë of ongediertes of in 'n toestand is wat bevorderlik vir die uitbroei van plaë of ongediertes is;
 - (g) 'n woning of enige ander perseel wat bewoon word en waarvoor daar geen behoorlike en voldoende voorsiening van drinkwater beskikbaar is nie;
 - (h) organiese materiaal of diere-afval wat gebruik of gehou word op 'n wyse wat ongediertes of plaë soos onder meer rotte, muise, vlieë en muskiete lok;
 - (i) onhigiëniese toestande wat nadelig vir gesondheid mag wees, teenwoordig is op enige gedeelte van die grond of perseel;
 - (j) 'n karkas of die oorblyfsels van 'n dier, pluimvee, voël of see- of akwatiese fauna, of enige diere-afval word nie begrawe nie of word nie behoorlik mee weggedoen nie.
- (2) 'n Gesondheidsoorlas bestaan as – enige ander aktiwiteit, toestand of ding wat deur 'n Omgewings-gesondheidpraktisyn as 'n gesondheidsoorlas verklaar word, op grond of 'n perseel bestaan of plaasvind of daaruit voortspruit.

7. **Verbod op die skepping, bestaan of voorkoms van 'n gesondheidsoorlas**

- (1) Geen persoon mag –
- (a) 'n gesondheidsoorlas skep nie;
 - (b) enige daad uitvoer wat 'n gesondheidsoorlas kan veroorsaak nie;
 - (c) 'n aktiwiteit, byeenkoms of funksie op grond of in 'n perseel organiseer of toelaat, of grond of 'n perseel gebruik of veroorsaak of toelaat dat dit gebruik word vir 'n doel wat uit die aard daarvan of andersins of vanweë die gevolge daarvan 'n gesondheidsoorlas skep of moontlik kan skep nie;
 - (d) tensy hy of sy volgens wet gemagtig is of toegelaat word om dit te doen of dit doen;
 - (i) enige materiaal, voorwerp of ding wat moontlik 'n gesondheidsoorlas kan veroorsaak, in 'n openbare plek aktiveer, hanteer of gebruik nie;
 - (ii) enige materiaal, voorwerp of ding of enige vloeistof of vaste stof wat vanweë die aard daarvan of die wyse waarop dit in omloop gebring of hanteer word 'n gesondheidsoorlas skep, in 'n openbare plek inbring of hanteer nie;
 - (e) deur 'n direkte of indirekte handeling of deur nalatigheid toelaat dat 'n gesondheidsoorlas geskep of voortgesit word nie;
- (2) 'n Persoon wat strydig met 'n bepaling van subartikel (1) optree, pleeg 'n misdryf.

8. **Plig om 'n gesondheidsoorlas uit te skakel of verminder**

- (1) Die eienaar, bewoner of gebruiker van grond of 'n perseel moet –
- (a) verseker dat 'n gesondheidsoorlas nie op sy of haar grond of perseel bestaan of plaasvind nie; en moet onmiddellik ná hy of sy bewus word van 'n gesondheidsoorlas op die grond of perseel, die gesondheidsoorlas verwyder
 - (b) tot die bevrediging van die munisipaliteit stappe doen om die risiko vir munisipale gesondheid te verminder; en die bestaan van die gesondheidsoorlas by die munisipaliteit aanmeld.
- (2) Die eienaar, bewoner of gebruiker van grond of 'n perseel wat strydig met 'n bepaling van subartikel (1) optree, pleeg 'n misdryf.

HOOFSTUK 3

STANDAARDE VAN TOEPASSING OP ALLE PERSELE

9. Standaard van toepassing op persele
10. Gesondheidsertifisering
11. Nienakoming

9. Standaard van toepassing op persele

Alle persele wat in hierdie hoofstuk aangedui word, is onderworpe aan Munisipale Gesondheid- wetgewende vereistes en die moniteringstandaarde, soos omskryf in Aanhangsel A van hierdie verordening, of kragtens 'n goedgekeurde Raadsbeleid.

10. Gesondheidsertifisering

- (a) Die persele wat in die tabel hieronder aangedui word, mag nie sonder 'n Gesondheidsertifikaat bedryf word nie en moet aan die toepaslike artikels in hierdie verordening voldoen.

TABEL 1: AANHANGSEL A

Soort perseel	Geldigheidstydperk van Gesondheid-sertifikaat (vanaf datum van uitreiking)	Voldoen aan die artikel in hierdie verordening
Kindersorgsentrum en vroeëkindontwikkelingsentrum	Een jaar	Aanhangsel A:1
Kinderhuise	Een jaar	Aanhangsel A:2
Verpleeginrigtings	Een jaar	Aanhangsel A:3
Gesondheidsorgrisiko-afval Genereerders	Een jaar	Aanhangsel A:4
Ouetehuise	Een jaar	Aanhangsel A:5
Skoolterreine	Een jaar	Aanhangsel A:6
Verblyfondernemings	Een jaar	Aanhangsel A:7
Skoonheidsalonne	Een jaar	Aanhangsel A:8
Hinderlike bedrywe	Een jaar	Aanhangsel A:9
Gesondheidsinrigtings	Een jaar	Aanhangsel A:10

- (b) 'n Persoon wat 'n besigheid wil bedryf wat in Tabel 1 aangedui word, moet om 'n Gesondheidsertifikaat aansoek doen, soos deur die munisipaliteit voorgeskryf.
- (c) 'n Uitgereikte Gesondheidsertifikaat sal vir 'n tydperk van een jaar vanaf die datum van uitreiking geldig wees.
- (d) 'n Eienaar of persoon wat 'n besigheid bedryf wat in Tabel 1 aangedui word, moet twee maande voor die vervaldatum van die bestaande Gesondheidsertifikaat om jaarlikse hernuwing van die Gesondheidsertifikaat aansoek doen.
- (e) Versuim om die stap in (d) hierbo te volg, sal impliseer dat so 'n besigheid nie toegelaat word om langer in bedryf te wees nie en is as sodanig outomaties nie langer 'n besigheid nie.
- (f) Hierdie sertifikaat vrywaar nie 'n persoon van die nakoming van enige ander wetlike vereistes, magtigings en/of goedkeuring van toepassing op die perseel en/of besigheid deur enige ander departement, munisipaliteit of owerheid nie. Dit word dus onomwonde gestel dat die goedkeuring en gestelde vereistes nie bedoel is vir enige goedkeuring anders as om aansoek te doen om 'n Gesondheidsertifikaat wat kragtens hierdie verordening uitgereik word nie. Die Overberg Distriksmunisipaliteit aanvaar nie enige

verantwoordelikheid vir koste wat deur 'n persoon aangegaan word om voorgemelde Gesondheidsertifikaat te bekom nie, sou 'n persoon se aansoek aan die plaaslike munisipaliteit of ander betrokke departemente om enige magtigings en/of goedkeuring van toepassing op die perseel onsuksesvol is nie.

- (g) 'n Gesondheidsertifikaat wat aan 'n perseel uitgereik word, moet die volgende insluit:
- i) Die besonderhede van die houer van die Gesondheidsertifikaat, eienaar/persoon in beheer van die perseel;
 - ii) Die straatadres van die perseel;
 - iii) Die identiteitsnommer van die houer van die sertifikaat;
 - iv) 'n Sertifikaatnommer;
 - v) As dit 'n kindersorgsentrum is, die aantal kinders en die minimum ouderdomsgroepe wat op die perseel toegelaat word.
 - vi) As dit 'n verpleeginrigting of ouetehuis is, die maksimum aantal beddens/pasiënte wat op die perseel geakkommodeer sal word.
 - vii) Dienste wat op die personeel voorsien/aangebied word en dienste wat verbied word;
 - viii) Datum van uitreiking; en
 - ix) Die geldigheidstydperk.
- (h) Die Gesondheidsertifikaat moet op 'n sigbare wyse op die perseel vertoon word sodat almal wat die perseel betree, dit duidelik kan sien.
- (i) 'n Gesondheidsertifikaat is nie oordraagbaar van een eienaar na 'n ander of van een perseel na 'n ander nie.
- (j) 'n Gesondheidsertifikaat kan deur 'n Omgewingsgesondheidpraktisyn teruggetrek word as toestande nie aan hierdie verordening voldoen nie.
- (k) Die persele wat in Tabel 2 hieronder aangedui word, benodig nie 'n Gesondheidsertifikaat nie.

TABEL: 2 AANHANGSEL B

Droogskoonmakerye en wasserye
Bouterreine en industriële persele
Openbare bymekaarkomplekke
Persele vir die aanhouding van diere
Die slag van diere vir godsdienstige, tradisionele, kulturele, seremoniële en eie verbruiksdoeleindes
Troeteldierwinkels en -salonne
Gevangnisse of polisie-aanhoudingselle
Onbeboude grond
Kantoorruimtes

11. Nie nakoming

Indien 'n eienaar of persoon in beheer van 'n perseel gelys in Tabel 1 en 2 versuim om te voldoen aan die bepalings of enige voorwaardes of vereistes wat kragtens hierdie verordening opgelê word, kan die munisipaliteit kragtens artikel 19 van hierdie verordening optree.

HOOFSTUK 4

WATER EN SANITASIE

12. Pligte en verbodbepalings

'n Eienaar, bewoner of gebruik van grond of enige perseel moet nie 'n gesondheidsoorlas met betrekking tot water en sanitasie uitmaak nie.

HOOFSTUK 5

AFDWINGING

13. Nakomingskennisgewing en vertoë
14. Verbodkennisgewing
15. Terugtrekking van verbodkennisgewing
16. Munisipale remediërende werk
17. Kosteverhaling
18. Beleide en riglyne

13. Nakomingskennisgewing en vertoë

- (1) Waar 'n Omgewingsgesondheidpraktisyn redelike gronde het om te glo dat 'n persoon in gebreke is om aan 'n vereiste met betrekking tot 'n perseel te voldoen, kan hy of sy 'n nakomingskennisgewing aan die persoon beteken, welke kennisgewing moet aandui –
 - (a) die naam en woon- of posadres van die persoon;
 - (b) watter vereiste nie nagekom is nie of watter bepaling oortree is;
 - (c) dat die persoon binne 'n bepaalde tydperk maatreëls moet instel om die kennisgewing na te kom en om die maatreëls voor 'n bepaalde datum te voltooi; en
 - (d) dat die persoon binne 14 dae op 'n gespesifiseerde plek skriftelike vertoë in die vorm van 'n beëdigde verklaring of bevestiging aan die munisipaliteit kan rig.
- (2) Waar 'n persoon nie vertoë rig kragtens subartikel (1)(d) nie, en die persoon versuim om die maatreëls in te stel voor die datum beoog in subartikel (1)(c), begaan hy of sy 'n misdryf.
- (3)
 - (a) Vertoë wat nie binne die tydperk beoog in subartikel (1)(d) ingedien word nie, sal nie oorweeg word nie, behalwe waar die persoon 'n goeie rede daarvoor het en die munisipaliteit die laat indiening van die vertoë kondoneer.
 - (b) Die munisipaliteit moet die tydige vertoë en enige reaksie daarop deur die Omgewingsgesondheidpraktisyn oorweeg.
 - (c) Die munisipaliteit kan uit vrye wil enige verdere ondersoek instel om, indien nodig, die feite te verifieer, en die uitslag van die ondersoek moet beskikbaar gestel word aan die persoon wat die vertoë gerig het; die persoon moet die geleentheid gegun word om, indien dit sy of haar wens is, 'n verdere reaksie in te dien en die munisipaliteit moet ook die verdere reaksie oorweeg.
 - (d) Die munisipaliteit moet na oorweging van die vertoë en enige reaksie en verdere reaksie 'n skriftelike bevel opstel en 'n afskrif daarvan aan die persoon beteken, welke bevel in die geheel of gedeeltelik die nakomingskennisgewing moet bevestig, wysig of tersyde moet stel, en waar die nakomingskennisgewing in die geheel of gedeeltelik bevestig of gewysig word, moet die munisipaliteit die persoon in kennis stel dat hy of sy binne die tydperk aangedui in die bevel, die verpligtinge uiteengesit in die bevel moet nakom en dat versuim om dit te doen 'n misdryf uitmaak.
 - (e) Waar 'n persoon versuim om die verpligtinge beoog in subartikel (4)(d) na te kom, kan die munisipaliteit, ongeag enige boetes wat kragtens artikel 21 opgelê mag word, kragtens subartikel (5) optree.

- (4) Indien nienakoming steeds voorkom, kan die munisipaliteit enige regstellende maatreëls instel om die oorlas te verwyder en die koste daarvan van die besoedelaar, persoon in beheer of eienaar van die perseel te verhaal.

14. **Verbod-kennisgewing**

- (1) 'n Omgewingsgesondheidpraktisyn mag, nadat 'n perseel ondersoek is, 'n verbod-kennisgewing wat die gebruik van die perseel vir spesifieke doeleindes verbied en wat vereis dat maatreëls ingestel word om te verseker dat die verbod-kennisgewing nagekom word, aan een of meer van die volgende persone beteken:
- (a) die eienaar of bewoner van die perseel indien die munisipaliteit redelikerwys glo dat die perseel gebruik word vir 'n doel of op 'n wyse wat 'n gesondheidsoorlas veroorsaak;
 - (b) enige persoon wat 'n aktiwiteit bedryf of 'n perseel gebruik vir 'n doel of op 'n wyse wat die munisipaliteit redelikerwys laat glo dat dit 'n gesondheidsoorlas veroorsaak; of
 - (c) 'n persoon aan wie 'n nakomingskennisgewing beteken is indien die munisipaliteit redelikerwys glo dat die persoon nie aan die nakomingskennisgewing voldoen het nie.
- (2) Die munisipaliteit moet die persoon aan wie dit beoog om 'n verbod-kennisgewing te bestel, 'n redelike geleentheid gun om verhoë te rig voordat die kennisgewing beteken word, tensy die munisipaliteit redelikerwys glo dat die gevolglike vertraging omgewingsgesondheid beduidend in gevaar sal stel, in welke geval die persoon aan wie 'n verbod-kennisgewing beteken word, 'n redelike geleentheid gegee moet word om verhoë te rig waarom dit teruggetrek moet word.
- (3) 'n Verbod-kennisgewing moet aandui –
- (a) die redes vir die betekening van die kennisgewing;
 - (b) of die munisipaliteit die kennisgewing sal terugtrek as sekere maatreëls ingestel word en, indien wel, die maatreëls wat ingestel moet word;
 - (c) die moontlike gevolge van 'n versuim om aan die kennisgewing te voldoen; en
 - (d) hoe om teen die kennisgewing te appelleer.
- (4) Tensy 'n verbod-kennisgewing anders bepaal, tree dit in werking wanneer dit kragtens subartikel (1) beteken word en bly van krag totdat dit teruggetrek word.
- (5) Die Omgewingsgesondheidpraktisyn moet so gou doenlik 'n afskrif van die kennisgewing op 'n sigbare plek op die perseel aanbring.

15. **Terugtrekking van verbod-kennisgewing**

- (1) Die munisipaliteit moet binne 48 uur na ontvangs van 'n skriftelike versoek om die onttrekking van 'n verbod wat in 'n verbod-kennisgewing vervat is, die grond of perseel ondersoek.
- (2) Na voltooiing van die ondersoek moet die munisipaliteit die persoon aan wie die verbod-kennisgewing beteken is of daardie persoon se agent skriftelik in kennis stel of die verbod opgehef is en of die verbod-bevel teruggetrek is.
- (3) Die munisipaliteit kan die eienaar of bewoner van die grond of perseel waar 'n ondersoek kragtens subartikel (1) uitgevoer word, 'n voorgeskrewe fooi vir die uitvoer van die ondersoek vra.

16. **Munisipale remediërende werk**

- (1) Die munisipaliteit kan kragtens die Wet op Nasionale Gesondheid, 2003 (Wet No. 61 van 2003) die perseel betree en ondersoek uitvoer en enigiets op die perseel doen wat die munisipaliteit redelikerwys nodig ag om nakoming van hierdie verordening of van 'n nakomingskennisgewing of verbod-kennisgewing te verseker;

- (2) Die munisipaliteit kan ondersoek op die perseel uitvoer –
- (a) op 'n roetinebasis waar die Omgewingsgesondheidpraktisyn redelikerwys glo dat die perseel gebruik word vir 'n doel beoog in hierdie verordening, en dit die doel van die ondersoek is om te bepaal of die gebruik aan die bepalings van hierdie verordening voldoen;
 - (b) waar 'n nakomingskennisgewing van toepassing op die perseel kragtens artikel 13 uitgereik is en dit die doel van die ondersoek is om te bepaal of die kennisgewing nagekom is;
 - (c) waar die eienaar of bewoner van die perseel versuim om te voldoen aan 'n nakomingskennisgewing wat kragtens artikel 13 uitgereik is, of 'n verbod-kennisgewing, uitgereik kragtens artikel 13, beveel dat toepaslike maatreëls ingestel moet word; of
 - (d) waar die Omgewingsgesondheidpraktisyn op redelike gronde glo dat 'n gesondheidsoorlas wat moontlik nadelig vir gesondheid kan wees, op die perseel bestaan.
- (3) Benewens enige regstellende maatreëls wat die munisipaliteit hierkragtens mag instel, kan die munisipaliteit by 'n hof met jurisdiksie aansoek doen om te verhoed dat 'n persoon voortgaan om enige gesondheidsoorlas te veroorsaak.

17. **Beleide en riglyne**

- (1) Die munisipaliteit kan beleide en riglyne opstel en publiseer met geskikte maatreëls wat ingestel moet word om die risiko dat enige gesondheidsoorlas plaasvind, voortgaan of herhaal word, uit te skakel of om daardie risiko na 'n aanvaarbare vlak te verminder.
- (2) Enige persoon wat versuim om enige van die beleide of riglyne beoog in subartikel (1) of enige voorwaardes wat daarkragtens opgelê word, na te kom, begaan 'n misdryf.

HOOFSTUK 6

ALGEMENE BEPALINGS

18. Bekragtiging en betekening van kennisgewings en ander dokumente
19. Appèl
20. Samewerking tussen munisipaliteite en toepassing
21. Vrystellings
22. Herroeping van verordeninge
23. Kort titel en aanvang

18. **Bekragtiging en betekening van kennisgewings en ander dokumente**

- (1) 'n Kennisgewing wat kragtens hierdie verordening deur die munisipaliteit uitgereik word, word as behoorlik uitgereik geag as dit deur die Omgewingsgesondheidpraktisyn onderteken is.
- (2) Enige kennisgewing of ander dokument wat kragtens hierdie verordening aan 'n persoon beteken is, word geag as behoorlik beteken –
 - (a) wanneer dit persoonlik by daardie persoon afgelewer is;
 - (b) wanneer dit by daardie persoon se woonplek of besigheid in die Republiek gelos is by 'n persoon wat klaarblyklik ouer as sestiën jaar is;
 - (c) wanneer dit per geregistreerde of gesertifiseerde pos na daardie persoon se laaste bekende woon- of sake-adres in die Republiek gepos is, en 'n erkenning van die posdiens ontvang word dat dit gepos is;
 - (d) indien daardie persoon se adres in die Republiek onbekend is, wanneer dit aan daardie persoon se agent of verteenwoordiger in die Republiek beteken is op die wyse bepaal in subartikel (a), (b) of (c);
 - (e) indien daardie persoon se adres en agent of verteenwoordiger in die Republiek onbekend is, wanneer dit geplaas is in 'n opsigtelike plek op die grond of sakeperseel waarmee dit verband hou;

- (f) in die geval van 'n regs persoon, wanneer dit by die geregistreerde kantoor of die sakeperseel van die regs persoon afgelewer is;
 - (g) wanneer dit op versoek van daardie persoon by sy of haar e-posadres afgelewer is.
- (3) Die betekening van 'n afskrif word geag die betekening van die oorspronklike te wees.
- (4) Wanneer enige kennisgewing of dokument beteken word aan die eienaar, bewoner, of houer van enige eiendom, of reg in enige eiendom, is dit voldoende as daar persoon in die kennisgewing of ander dokument beskryf word as die eienaar, bewoner of houer van die eiendom of die reg ter sprake, en is dit nie nodig om daardie persoon by die naam te noem nie.

19. Appèl

'n Persoon wie se regte deur 'n besluit van die munisipaliteit kragtens hierdie verordening aangetas word, kan kragtens artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000) appèl teen daardie besluit aanteken deur binne 21 dae na die datum van kennisname van die Munisipale Bestuurder se besluit, skriftelike kennisgewing van die appèl en die redes daarvoor te gee.

20. Misdrywe en straf

- (1) Enige persoon wat 'n bepaling van hierdie verordening, 'n kennisgewing uitgereik kragtens hierdie verordening of 'n voorwaarde opgelê kragtens hierdie verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen, ongeag of so 'n oortreding of versuim elders in hierdie verordening as 'n misdryf verklaar word, is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding aanspreeklik vir –
- (a) 'n boete of gevangenisstraf, of beide sodanige boete en gevangenisstraf;
 - (b) in die geval van 'n voortgesette misdryf, 'n bykomende boete of 'n bykomende tydperk van gevangenisstraf of beide sodanige boete en gevangenisstraf vir elke dag wat sodanige misdryf voortgesit word; en
 - (c) 'n verdere bedrag gelyk aan enige koste en uitgawes wat volgens 'n hof as gevolg van sodanige oortreding deur die munisipaliteit aangegaan is.
- (2) Alle gelde en boetes wat kragtens hierdie verordening verhaal word, sal die Raad toeval en sal net vir die implementering en toepassing van hierdie verordening gebruik word.

21. Samewerking tussen munisipaliteite en toepassing

- (1) Ten einde optimale dienslewering ten opsigte van hierdie verordening te verseker, kan die munisipaliteit memorandum van ooreenkoms met plaaslike munisipaliteite in sy regsgebied aangaan met betrekking tot die volgende –
- (a) die praktiese reëlings wat met die uitvoering van die bepalings van hierdie verordening verband hou;
 - (b) verdeling van koste en uitgawes wat met enige handeling kragtens hierdie verordening verband hou;
 - (c) behoudens die bepalings van artikel 86 van die Wet op Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998), meganismes vir die beslegting van geskille insake die uitvoering van bevoegdhede of die aangeleenthede waarvoor daar ooreenkomste bereik is;
 - (d) enige ander aangeleentheid wat deur die distriks- en plaaslike munisipaliteite nodig geag word om optimale dienslewering kragtens hierdie verordening te verseker.

22. Vrystellings

- (1) Enige persoon mag by wyse van 'n geskrewe aansoek, waarin volledige redes verskaf word, by die munisipaliteit aansoek doen om vrystelling van enige bepalings van hierdie verordening.
- (2) Die munisipaliteit kan deur sy behoorlik aangestelde Omgewingsgesondheidspraktisyn –
- (a) vrystelling skriftelik toestaan, en die voorwaardes waarkragtens, indien enige, en die tydperk waarvoor die vrystelling toegestaan word, moet daarin gestipuleer word;

- (b) enige vrystelling of voorwaarde in 'n vrystelling wysig; of
- (c) weier om 'n vrystelling toe te staan.
- (3) Om 'n aansoek kragtens subartikel (1) te oorweeg, mag die munisipaliteit die insette of kommentaar van die eienaars of bewoners van omliggende persele verkry.
- (4) 'n Vrystelling tree nie in werking voor die aansoeker skriftelik onderneem het om alle voorwaardes wat kragtens subartikel (2) deur die munisipaliteit opgelê is, na te kom nie; indien 'n aktiwiteit egter begin voordat so 'n onderneming aan die munisipaliteit voorgelê is, verval die vrystelling.
- (5) Indien enige voorwaarde van 'n vrystelling nie nagekom word nie, verval die vrystelling onmiddellik.
- (6) Die Omgewingsgesondheidspraktisyns in diens van die munisipaliteit, wat oor die algemeen deur die munisipaliteit gemagtig is om enige funksie kragtens hierdie verordening uit te voer, sal nie aanspreeklik wees vir enigiets wat in goeder trou kragtens hierdie verordening gedoen word nie.
- (7) Die bepalings en/of vereistes vervat in hierdie verordening kan gewysig word en/of verslap word deur 'n skriftelike kennisgewing van die munisipaliteit, sou die betrokke owerheid van mening wees dat sodanige verslapping en/of wysiging nie tot die ontstaan van 'n gesondheidsoorlas aanleiding sal gee nie.
- (8) Sodanige magtiging en/of vrystelling mag of kan dadelik teruggetrek word deur skriftelike kennisgewing van die betrokke owerheid, of binne 'n tydperk deur die owerheid bepaal, sou die omstandighede dit nodig ag.
- (9) Hierdie verordening plaas die verantwoordelikheid vir die nakoming van die gestelde vereistes op die betrokke persoon en instelling, en vrywaar dus die munisipaliteit van enige toestand, gedrag of nalatigheid wat tot enige eise met betrekking tot die toepassing van hierdie verordening deur die munisipaliteit aanleiding mag gee.

23. Herroeping van verordening

- (1) Hierdie verordening herroep enige verordening wat voorheen deur die munisipaliteit of enige van die afgestelde munisipaliteite wat nou by die munisipaliteit geïnkorporeer is, uitgevaardig is in soverre dit betrekking het op enige aangeleentheid waarvoor daar in hierdie verordening voorsiening gemaak word.
- (2) Enige verordening wat voorheen uitgevaardig is deur die plaaslike munisipaliteite binne die regsgebied van Overberg Distriksmunisipaliteit of enige van die afgestelde munisipaliteite wat nou by die genoemde munisipaliteite geïnkorporeer is, in soverre dit betrekking het op Overberg Distriksmunisipaliteit deur die magtiging vir die uitvoering van bevoegdhede en pligte kragtens artikel 84(3) van die Wet op Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998).

24. Kort titel en aanvang

Hierdie verordening kan aangehaal word as die Overberg Distriksmunisipaliteit Verordening insake Munisipale Gesondheidsdienste en sal in werking tree op die datum waarop dit in die Provinsiale Koerant gepubliseer word.

STANDAARDE VAN TOEPASSING OP PERSELE

Persele moet aan die volgende standaarde voldoen:

1. Strukturele fasiliteite

Die geboustruktuur op 'n personeel moet voldoen aan die vereistes van 'n bouplan wat deur die betrokke plaaslike munisipaliteit goedgekeur is en moet die standaarde van Munisipale Gesondheid nakom.

2. Watervoorsiening

- (a) 'n Voldoende toevoer drinkwater moet vir alle gebruike op die perseel beskikbaar wees.
- (b) Die gehalte van water wat vir die perseel voorsien word, voldoen aan die spesifikasies van die SANS 241 vir drinkwater met betrekking tot mikrobiologiese, chemiese en fisiese gehalte.

- (c) Gebergde drinkwater moet altyd teen besmetting beskerm word.
- (d) Geen kruisverbinding tussen 'n stelsel wat drinkwater voorsien en 'n stelsel wat nedrinkbare water voorsien, word toegelaat nie.
- (e) Vir persele sonder beskikbare lopende water moet drinkwater behoorlik geberg en teen besmetting beskerm word. Houers vir waterberging moet altyd skoongehou word.
- (f) Waar tydelike bergingstenke vir drinkwater voorsien moet word, moet die water van 'n goedgekeurde bron afkomstig wees.

3. Dreineringsstelsels

Geskikte en doeltreffende stelsels vir dreinerings en rioolverwydering wat die plaaslike munisipaliteit se goedkeuring wegdra, moet op alle persele voorsien word. Dreineringsstelsels moet skoongehou en onderhou word om enige verstoppings of enige gesondheidsprobleme te voorkom.

4. Afvalbestuur

Goedgekeurde metodes vir die insameling, berging en verwydering van vaste afval wat die plaaslike munisipaliteit se goedkeuring wegdra, moet op alle persele gehandhaaf word. Vullishouers en/of 'n aangewese bergingsgebied vir vullis moet op die perseel vir die berging van alle vullis beskikbaar wees.

5. Gesondheidsorgrisiko-afvalbestuur

Waar gesondheidsorgrisiko-afval gegenereer word:

- (a) Moet 'n goedgekeurde metode vir die insameling, berging, vervoer en verwydering van afval op die perseel gehandhaaf word.
- (b) 'n Aangewese bergingsgebied vir die berging van gesondheidsorgrisiko-afval moet voorsien word, hangende die verwydering daarvan deur 'n goedgekeurde diensverskaffer.
- (c) Die bergingsgebied vir gesondheidsorgrisiko-afval moet afsonderlik wees van enige gebied vir voedselvoorbereiding of enige gebied waar pasiënte versorg word.
- (d) 'n Voldoende aantal doelgemaakte, lekvaste, verseëlbare houers moet vir die berging van gesondheidsorgrisiko-afval beskikbaar wees. Houers wat vir die berging van gesondheidsorgrisiko-afval gebruik word, moet duidelik in groot leesbare letters gemerk wees.
- (e) Akkurate en bygewerkte rekords moet gehou word van alle gesondheidsorgrisiko-afval wat deur die fasiliteit gegenereer word.

6. Maaltye wat vir besigheidsdoeleindes op 'n perseel bedien word

Alle fasiliteite wat in verband met die hantering, voorbereiding, berging en bediening van voedsel gebruik word, moet voldoen aan die toepaslike regulasies wat uitgevaardig is kragtens die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet No. 54 van 1972), soos gewysig.

7. Plaag- en knaagdierbeheer

- (a) 'n Program vir knaagdier-/plaagbeheer moet in plek wees om die risiko van knaagdiere en plae op die perseel te verlaag.
- (b) Knaagdierdigting moet in 'n goeie toestand onderhou word sodat dit ondeurdringbaar vir knaagdiere is.
- (c) Om die verspreiding van knaagdiere of plae te voorkom, moet knaagdiere uitgewis word voor die sloping van enige gebou of struktuur wat moontlik met knaagdiere besmet is.
- (d) Die jaart van die perseel moet skoongehou word van enige toestand wat tot die uitbloeï van vlieë of muskiete en ander ongediertes kan lei.

PERSELE WAT OOR 'N GESONDHEIDSERTIFIKAAT MOET BESKIK

AANHANGSEL A: 1

STANDAARDE VIR KINDERSORGSENTRUMS / VKO

Kindersorgsentrum moet aan die volgende standaard voldoen

1. Aansoek om 'n Gesondheidsertifikaat

Slegs aansoeke wat via die Departement Maatskaplike Ontwikkeling ontvang word, sal vir verwerking aanvaar word.

2. Ligging en ontwerp

- (1) Die perseel wat vir of in verband met kindersorgdienste gebruik word, moet so geleë, ontwerp, opgerig, afgewerk en toegerus en in so 'n toestand wees dat kinders –
 - (a) higiënies versorg kan word; en
 - (b) voldoende teen enige moontlike gesondheidsoorlas beskerm kan word.
- (2) Die aansoeker moet voldoen aan die vereistes vir 'n Gesondheidsertifikaat. (Hoofstuk 3)
- (3) Voldoen aan die toepaslike regulasies wat uitgevaardig is kragtens die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet No. 54 van 1972) soos gewysig.
- (4) Die geboustruktuur op 'n personeel moet voldoen aan die vereistes van 'n bouplan wat deur die betrokke plaaslike munisipaliteit goedgekeur is en moet die standaard van Munisipale Gesondheid nakom.

3. Binnespeelplek

- (1) 'n Binnespeelplek is vir speel, eet en slaap voorsien.
- (2) 'n Binnespeelplek met 'n minimum van 1,5m² vry en onbelemmerde vloeroppervlak moet vir elke kind beskikbaar wees.
- (3) Indien daar geen buitenspeelplek op die perseel beskikbaar is nie, moet 'n binnespeelplek met 'n vry en onbelemmerde vloeroppervlak van 3m² per kind voorsien word.
- (4) Die speelgebied moet skoongehou word.
- (5) Linne wat vir slaapdoeleindes gebruik word, moet skoon en in 'n higiëniese toestand gehou word, veral vir kinders onder die ouderdom van 3 (drie) jaar.

4. Buitenspeelplek

- (1) 'n Buitenspeelplek van minstens 2m² moet vir elke kind voorsien word.
- (2) Afsonderlike buitenspeelplekke moet vir verskillende ouderdomsgroepe voorsien word.
- (3) Die buitenspeelplek moet skoongehou word.

5. Die gebruik van kunsmatige/sintetiese grasoppervlakke

Waar kunsmatige grasoppervlakke in binne-en buitenspeelplekke gebruik word, moet die volgende maatreëls ingestel word:

- (1) Die oppervlakke moet gereeld met geskikte skoonmaakmiddels skoongemaak word om reuke en die voorkoms van ander gesondheidsoorlaste te vermy.

6. Toilette/ablusie en fasiliteit vir doeke omruil

- (1) Sentrum wat vir kleuters voorsiening maak:
 - (a) junior-tipe toilette en handwasbakke moet voorsien word, waar toepaslik.
 - (b) Toilette en geriewe vir hande was moet vir die kinders toeganklik wees.

- (2) Vir kinders 0-2 jaar oud:
- (a) Ten minste 1 (een) toilet word vir elke 20 kinders voorsien;
 - (b) Waar geen rioolstelsels in plek is nie, word potjies voorsien;
 - (c) Ten minste 1 (een) potjie word vir elke 5 (vyf) kleuters voorsien;
 - (d) Menslike uitskeiding in potjies moet higiënies verwyder word;
 - (e) Potjies word na elke gebruik skoongemaak en in 'n behoorlik afgebakende gebied ontsmet;
 - (f) 'n Duidelik afgebakende gebied vir doeke omruil, toegerus met 'n oppervlak wat maklik skoongemaak kan word en 'n waterdigte matras, word voorsien en hierdie gebied is nie naby 'n gebied waar voedsel voorberei word nie.
 - (g) Behoorlike higiënepraktyke word tydens die ruil van doeke gebruik om fekale besmetting te voorkom.
- (3) Vir kinders 3-6 jaar oud:
- (a) Ten minste 1 (een) toilet en ten minste 1 (een) handwasbak moet vir elke 20 kinders op die perseel voorsien word.
 - (b) 'n Voorraad drinkwater moet by elke handwasbak beskikbaar wees.
 - (c) Waar geen spoeltoilette beskikbaar is nie, moet 'n goedgekeurde sanitasiestelsel voorsien word.
 - (d) Die toiletgerief moet beskikbaar wees.
 - (e) Alle toilette moet in 'n goeie toestand onderhou word en gereeld skoongemaak word.
 - (f) Toiletgeriewe moet behoorlik verlig en belug wees.
 - (g) Afsonderlike toilette en geriewe vir hande was moet vir personeel op die perseel voorsien word.
 - (h) 'n Voldoende hoeveelheid toiletpapier, seep en materiaal vir hande afdroog moet altyd in alle toiletgeriewe beskikbaar wees.

7. Vereistes vir watervoorsiening

- (1) Waar geen lopende water van 'n plaaslike munisipaliteit beskikbaar is nie, moet minstens 10-25 liter water per persoon per dag beskikbaar gestel word en op 'n higiëniese wyse vir alle gebruike op die perseel geberg word.

8. Aangewese gebied vir voorbereiding van melk vir kinders jonger as 2 (twee) jaar

- (1) 'n Voldoende voorraad drinkwater, koud en warm is vir die was van bottels en tiete beskikbaar.
- (2) Verkoelingsgeriewe word voorsien vir die higiëniese berging van voorbereide bottels melk (< 5°C) en ander voedsel.
- (3) Alle bottels wat vir die voeding van kinders gebruik word, moet voor gebruik gewas en gesteriliseer word.
- (4) Voldoen aan die relevante regulasies

9. Bergingsgeriewe

Om besmetting met virusse, bakterieë en parasiete en die risiko van siekte-oordrag te verminder, moet die volgende maatreëls ingestel word:

- (a) Voldoende bergingsruimte en 'n afsonderlike bergingsruimte vir voedsel en nievoedsel moet voorsien word.
- (b) Skoonmaakmiddels wat giftig, gevaarlik of 'n risiko vir kinders mag wees, moet in 'n ontoeganklike gebied geberg word.

10. Siekeboegfasiliteite

'n Siekeboeg vir die behandeling en versorging van 'n kind wat siek word, wat tydens dagversorging beseer word of wat aan 'n siekte ly wat vermoedelik aansteeklik is, moet op die perseel voorsien word.

11. Algemene higiënevereistes

- (1) Speelkamers word gereeld skoongemaak om stof en skimmel te verminder.
- (2) Vaste afval word daaglik uit speelkamers verwyder.
- (3) Afvalwater word veilig verwyder.
- (4) Geskikte maatreëls vir die beheer van siekte-oordraers moet in plek wees.
- (5) Persoonlike reinigingsmateriaal moet beskikbaar wees en higiënies gebruik word.
- (6) Die vloer moet vry wees van vullis, klammigheid of enige vloeibare stowwe.
- (7) Individuele lakens en bedekkings word vir elke kind voorsien.
- (8) Kontakspeelgoed, vir kinders jonger as 2 jaar, moet skoongehou word.
- (9) Afval word altyd buite die bereik van kinders gehou.

12. Sandputte

- (1) Die sandput moet in 'n higiëniese en skoon toestand gehou word;
- (2) Dit moet snags bedek word nag om besmetting deur diere en ander plaë te voorkom;
- (3) Dit moet bedek wees wanneer dit nie gebruik word nie;
- (4) Dit moet ontsmet word as dit duidelik vuil en besmet is;
- (5) Ontsmetting deur sout deur die sand te hark (10kg growwe sout elke drie maande per 1m²);
- (6) Die sand moet ten minste een keer 'n jaar vervang word.
- (7) As die sand deur dierlike of menslike ontlasing, bloed of ander liggaamsvloeistowwe besmet is:
 - (a) moet kinders uit die sandput verwyder word;
 - (b) moet 'n waterkan met 'n ligte skoonmaakmiddel of huishoudelike ontsmettingsmiddel wat in water verdun word, oor die sand gegooi word om kieme dood te maak;
 - (c) moet die sand heeltemal vervang word as dit erg besmet is.

13. Naskoolse geriewe

- (1) Indien naskoolse sorgdienste vir kinders van skoolgaande ouderdom op dieselfde perseel as die kindersorgdienste voorsien word, moet die volgende beskikbaar wees:
 - (a) 'n Binneste versorgingsgebied van ten minste 1,5m² vir elke kind;
 - (b) Ten minste 1 (een) toiletgerief en 1 (een) handwasbak moet vir elke twintig (20) kinders of deel daarvan voorsien word.
 - (c) Voldoen aan die relevante Regulasies

AANHANGSEL: A 2**VEREISTES VIR KINDERHUISE**

Kinderhuise moet aan die volgende standaarde voldoen:

1. Omheining van die perseel

- (1) Die geboustruktuur het 'n plan wat deur die toepaslike plaaslike munisipaliteit goedgekeur is
- (2) Enige aktiwiteit op die perseel mag nie 'n gesondheidsoorlas uitmaak nie.

2. Binneleefruimtes

- (1) 'n Binnespeelplek met slaapplek van minstens 2m² per kind vir kinders tussen die ouderdomme van 2-6 jaar, en 4m² vir kinders tussen 7-13 jaar en kinders bo 13 jaar word op die perseel voorsien.
- (2) Vir kinders onder die ouderdom van 2 (twee) jaar moet 'n afsonderlike binne-aktiwiteitsarea van 1,5m² per kind voorsien word.

- (3) Linne wat vir slaapdoeleindes gebruik word, moet vir kinders voorsien word en minstens weekliks gewas word, veral vir kinders onder die ouderdom van 2 jaar.
- (4) Vir kinders op doeke moet 'n ruimte vir die omruil van doeke voorsien word, toegerus met 'n tafel en waterdigte matras.
- (5) Behoorlike prosedures vir die omruil van doeke moet gevolg word om die oordrag van fekale-mondelinge infeksies te voorkom.

3. Buitespeelplekke

- (1) 'n Buitespeelplek met 'n minimum van 2m² per kind moet vir gebruik deur die kinders op die perseel voorsien word.
- (2) Gebied moet skoongehou word.

4. Toilet- en badgeriewe

- (1) Voldoende toilet- en wasgeriewe vir gebruik deur kinders moet op die perseel voorsien word.
- (2) 1 (een) toiletgerief moet vir ten minste elke 20 (twintig) kinders op die perseel (verhouding 1:20) voorsien word en 'n voldoende voorraad toiletpapier moet altyd in die toiletgeriewe voorsien word.
- (3) 1 (een) handwasbak moet vir ten minste elke 20 (twintig) kinders op die perseel (verhouding 1:20) voorsien word.
- (4) Die handwasbak moet binne of onmiddellik langs die toilette wees.
- (5) 'n Toevoer koue en warm lopende drinkwater moet by elke handwasbak beskikbaar wees, of indien daar geen lopende water beskikbaar is nie, moet 'n minimum van 25 liter drinkwater per kind per dag, wat higiënies in 'n geslote houer geberg word, altyd op die perseel beskikbaar wees vir die doeleindes van drink, kook, persoonlike higiëne en wasgoed.
- (6) 'n Voldoende voorraad seep en 'n skoon handdoek moet altyd gehandhaaf word.
- (7) Vir kinders onder die ouderdom van 2 (twee) jaar wat potjiedisipline leer, moet 1 (een) potjie vir ten minste elke 5 kinders (verhouding 1: 5) voorsien word.
- (8) Die potjies moet behoorlik na elke stoelgang en urinering leeggemaak word en altyd behoorlik skoongemaak word om enige ander oorlas vir omgewingsgesondheid te voorkom.
- (9) Puttoilette wat deur kinders gebruik word, moet vir gebruik deur kinders (kleiner en laer) ontwerp wees met deure wat van buite oopgemaak kan word.
- (10) Die puttoilette moet in 'n goeie toestand onderhou en gereeld skoongemaak word.
- (11) Vir kinders onder die ouderdom van 2 (twee) jaar wat nog op doeke is, moet 'n afsonderlike ruimte vir doeke omruil op die perseel beskikbaar wees en toegerus wees met voldoende bergingsgeriewe vir vuil doeke en geriewe vir hande was om die kinders skoon te maak.
- (12) Afsonderlike toilette en geriewe vir hande was moet vir personeel op die perseel voorsien word, en 'n voldoende voorraad toiletpapier, seep en handdoeke moet altyd in die personeel se toilette en geriewe vir hande was beskikbaar wees.
- (13) Alle toiletgeriewe op die perseel moet altyd behoorlik verlig en belug wees, in 'n goeie toestand onderhou en skoongehou word.
- (14) Individuele waslappe moet vir elke kind voorsien word en as sodanig gemerk word.

5. Skoonmaak en sterilisering van voedingstoerusting en voorbereiding van melkformule vir babas

- (1) Alle toerusting wat gebruik word om babas te voer en hul voedsel voor te berei (koppies, bottels, tiete, deksels, lepels) moet voor gebruik deeglik skoongemaak en gesteriliseer word om skadelike bakterieë wat in die kos kan groei en kinders siek kan maak, te verwyder.
- (2) Voor sterilisering moet gebruikte bottels, tiete en deksels deeglik met skoon seepwater gewas word om alle spore van melk te verwyder, en daarna in veilige water afgespoel word.
- (3) Hande moet met seep en water gewas en heeltemal droog wees voordat toerusting vir sterilisering hanteer word.

- (4) Die gebruik van 'n gesteriliseerde tang vir die hantering van gesteriliseerde toerusting word aanbeveel.
- (5) Voldoen aan die relevante regulasies.

6. Bergingsgeriewe

Voldoende stoorplek en geriewe moet op die perseel voorsien word vir die berging van onveilige, giftige, gevaarlike of riskante materiaal of andersins moet stowwe van ander materiaal en toerusting geskei word.

AANHANGSEL: A 3

VEREIS VIR VERPLEEGINRIGTINGS

1. Verpleeginrigtings moet aan die volgende standaarde voldoen:

- (1) Die perseel moet bedryf word volgens 'n geldige Gesondheidsertifikaat wat deur 'n Omgewings-geondheidpraktisyn van die munisipaliteit uitgereik is.
- (2) Die geboustruktuur het 'n plan wat deur die toepaslike plaaslike munisipaliteit goedgekeur is

2. Ablusie- en wasgeriewe

- (1) Voldoende en toeganklike toilette en geriewe vir bad en was moet voorsien word om in die behoeftes van pasiënte te voorsien.
- (2) Ten minste een toilet en ten minste 1 (een) bad of stort moet voorsien word vir ten minste elke 12 (twaalf) pasiënte (verhouding 1:12) op die perseel.
- (3) Elke toiletgerief moet toegerus wees met 'n behoorlike spoelstelsel en moet in 'n behoorlik werkende toestand onderhou word.
- (4) Behoorlike en voldoende spoelkamers is in elke saal beskikbaar.
- (5) Goedgekeurde rakke vir berging moet in die spoelkamer vir die berging van bedpanne of ander sanitêre toerusting voorsien word.
- (6) Ten minste 1 (een) toilet, bad/stort moet vir elke 20 personeellede (verhouding 1:20) beskikbaar wees en volgens geslag aangewys word.

3. Bergingsgeriewe

- (1) Afsonderlike bergingsgeriewe moet vir die berging van gevaarlike chemikalieë voorsien word.
- (2) Alle stoorkamers en bergingsgeriewe moet altyd skoongehou word.

4. Algemene vereistes

'n Program vir die beheer van knaagdiere/plae moet op die perseel in plek wees om enige besmetting met knaagdiere en plae te voorkom.

AANHANGSEL A: 4

Vereistes vir gesondheidsorgisiko-afval

1. Gesondheidsertifisering

- (1) Alle persele waar gesondheidsorgafval gegenereer word, moet 'n Gesondheidsertifikaat hê en mag nie sonder 'n Gesondheidsertifikaat bedryf word nie, en moet aan die toepaslike artikels in hierdie verordening voldoen.

- 2) Voldoening aan die bepalings van hierdie hoofstuk is verpligtend vir alle genereerders van gesondheidsorgafval en, waar van toepassing, vir alle vervoerders en verwyderaars van gesondheidsorgafval en is veral verpligtend by –
- (a) alle gesondheidsorgfasiliteite soos plekke of terreine waar professionele gesondheidsdienste aan menslike pasiënte gelewer word, insluitend hospitale, mobiele en stilstaande klinieke, siekeboeë wat insluit maar nie daartoe beperk is nie, ouetehuse, dageenhede, hospiese, rehabilitasiesentrums, spreekkamers van mediese dokters, tandheekkundige praktisyne, tradisionele genesers, tradisionele chirurge, verpleegkundiges, fasiliteite vir die lewering van verloskundige dienste, vrystaande operasieteatres, apteke en alle soortgelyke persele;
 - (b) alle patologiese en mikrobiologiese laboratoriums of plekke waar biologiese navorsing onderneem word, en die persele van bloedoortappingsdienste;
 - (c) die fasiliteite van alle vervaardigers en verspreiders van farmaseutiese produkte of entstowwe;
 - (d) alle lykhuise en persele van begrafnisondernemers;
 - (e) alle veeartsenykundige spreekkamers, dierehospitale, behandelingstasies, hond- en katherberge; en
 - (f) enige private woning of huishouding of enige ander perseel waar die risiko vir omgewingsgesondheid voortspruitend uit die hoeveelheid en aard van gesondheidsorgafval wat gegenereer word, sodanig is dat die gesondheidsorgafval kragtens hierdie regulasies hanteer moet word.

'n Persoon wat strydig met 'n bepaling van subartikel (1) optree, pleeg 'n misdryf.

2. Pligte van genereerders, vervoerders en verwyderaars van gesondheidsorgafval

- (1) Elke genereerder moet by die munisipaliteit registreer deur die toepaslike aansoekvorm te voltooi en in te dien.
- (2) Elke vervoerder moet binne twaalf maande na die inwerkingtreding van hierdie verordening by die munisipaliteit registreer.
- (3) Genereerders en vervoerders moet die munisipaliteit van enige veranderinge in die inligting wat ingevolge subartikel (1) en (2) verskaf word, in kennis stel sodra sodanige verandering plaasvind.
- (4) Elke genereerder van gesondheidsorgafval en, waar van toepassing, elke vervoerder en verwyderaar van gesondheidsorgafval moet toesien dat alle sodanige gesondheidsorgafval ooreenkomstig hierdie hoofstuk gesorteer, verpak, omhul, hanteer, geberg, vervoer en mee weggedoen word.
- (5) Die aktiwiteite waarna in subartikel (1) verwys word, moet op so 'n wyse uitgevoer word dat die gegenereerde gesondheidsorgafval nie 'n gesondheidsoorlas of veiligheidsrisiko vir enige hanteerder daarvan of enige ander persoon of die omgewing in die algemeen veroorsaak nie.
- (6) 'n Persoon wat van voorneme is om op enige perseel betrokke te raak by 'n aktiwiteit wat tot die moontlike generering van gesondheidsorgafval kan lei, moet voor die generering van die gesondheidsorgafval die verantwoordelike owerheid skriftelik in kennis stel van sy of haar voorneme, en die kennisgewing moet die volgende bevat:
 - (a) die geskatte hoeveelheid gesondheidsorgafval wat gegenereer gaan word;
 - (b) die metode van berging van die gesondheidsorgafval;
 - (c) die beoogde duur van die berging van die gesondheidsorgafval;
 - (d) die wyse waarop die gesondheidsorgafval afgehaal sal word;
 - (e) die wyse waarop, en die stortingsterrein waar die gesondheidsorgafval mee weggedoen gaan word;
 - (f) die identiteit van die lisensiehouer wat die gesondheidsorgafval verwyder; en
- (7) Indien die munisipaliteit dit vereis, moet die kennisgewing gestaaf word deur 'n ontleding van die samestelling van die gesondheidsorgafval wat deur 'n toepaslik gekwalifiseerde industriële chemikus gesertifiseer is, en moet enige ander inligting bevat wat deur die munisipaliteit vereis word.
- (8) By ontvangs en evaluering van die kennisgewing sal die munisipaliteit deur skriftelike kennisgewing aan 'n persoon van daardie persoon vereis om op sy of haar koste –
 - (a) die gesondheidsorgafval te berg en verwyder in vullishouers en die munisipaliteit sal aandui watter spesiale houers of etikettering gebruik moet word;

- (b) die gesondheidsorgafval te vervoer na 'n verwydering- of verwerkingsfasiliteit soos goedgekeur deur die munisipaliteit, deur gebruik te maak van spesiale houers en hantering, en om die gesondheidsorgafval te plaas in 'n spesifieke area van die fasiliteit, soos aangedui deur die fasiliteit se operasionele plan;
 - (c) enige ander maatreëls in verband met die vervoer en wegdoening van die gesondheidsorgafval in te stel, soos deur die munisipaliteit bepaal as noodsaaklik om menslike gesondheid en die omgewing te beskerm; of
- (9) 'n Eienaar of okkupeerder van 'n perseel waar gesondheidsorgafval gegenereer word, moet aan alle werknemers wat met gesondheidsorgafval in aanraking kan kom, periodieke opleiding verskaf in die prosedures wat gevolg moet word vir die behoorlike hantering van gesondheidsorgafval.

'n Persoon wat strydig met 'n bepaling van hierdie artikel optree, pleeg 'n misdryf.

3. Berging van gesondheidsorgafval

- (1) Enige persoon wat betrokke is by 'n aktiwiteit wat gesondheidsorgafval kan genereer, moet toesien dat die gesondheidsorgafval wat op die perseel gegenereer word, op die perseel gehou en geberg word totdat dit daar afgehaal word.
- (2) Bederfbare gesondheidsorgafval moet geberg word teen 'n temperatuur van hoogstens 4°C en moet verkieslik gevries word.
- (3) 'n Bergingsgebied vir gesondheidsorgafval moet –
 - (a) bestand wees teen ongediertes, insekte en knaagdiere;
 - (b) 'n vloer en muurafwerking hê wat maklik skoongemaak kan word en algemene bouwerk moet aan 'n rioolput in die vloer en goedgekeurde rioolstelsel gekoppel wees;
 - (c) heeltmaal afgesluit wees;
 - (d) voldoende belug en verlig wees; en
 - (e) sluitbaar wees.
- (4) Alle gesondheidsorgafval moet geberg word in 'n bergingsgebied vir gesondheidsorgafval totdat dit vir finale wegdoening gelaai of verwyder word.
- (5) Stortsels op die terrein moet onmiddellik skoongemaak word.
- (6) Alle binne-oppervlakke van bergingsgebiede moet daaglik baie deeglik ontsmet en skoongemaak word.
- (7) Daar moet voorsiening gemaak word dat onverkoelde gesondheidsorgafval oor naweke en op openbare vakansiedae verwyder word.
- (8) Geen sterilisasie van gesondheidsorgafval mag op enige ander perseel as 'n goedgekeurde fasiliteit uitgevoer word nie.
- (9) Gesondheidsorgafval moet, voordat dit verwyder word, in 'n kleurgekodeerde swaar-diens-plastieksak of ander geskikte kleurgekodeerde houer geplaas word.
- (10) Bogenoemde vereistes vir kleurgekodeerde houers moet streng nagekom word vir alle beweging en vervoer van gesondheidsorgafval, hetsy op die perseel waar dit gegenereer word of in transito na 'n sterilisasie- of verwyderingsfasiliteit weg van die perseel.

'n Persoon wat strydig met 'n bepaling van hierdie artikel optree, pleeg 'n misdryf.

4. Vervoer van gesondheidsorgafval

- (1) Slegs goedgekeurde vervoerders mag gesondheidsorgafval vervoer en moet dit doen ooreenkomstig die vereistes en bepalings van die verantwoordelike plaaslike munisipaliteit.
- (2) (a) Die laai-kompartemente van voertuie vir gesondheidsorgafval moet sluitbaar wees en aan die volgende vereistes voldoen:
 - (i) kompartement moet termies geïsoleer word en in staat wees om 'n in-transito verkoelings temperatuur van hoogstens 4°C te handhaaf;

- (ii) konstruksie van binnepaneel moet stewig gepas wees op 'n wyse wat 'n verwyderbare vloeistofseël en lugdigte seël verseker;
 - (iii) binne-oppervlakke moet wit gevef wees met 'n duursame Duco- of emaljevef of 'n afwerking hê wat deur die munisipaliteit goedgekeur is;
 - (iv) daar moet 'n drumpel van minstens 100 mm by die deure wees om te verhoed dat lekkasies uitstort; en
 - (v) kompartement moet toegerus wees met goedgekeurde "Spill kits" wat gereeld nagegaan en aangevul word.
- (b) Die voertuig moet beman word deur 'n span wat deeglik opgelei is in die doeltreffende gebruik van die "Spill kits" en skoonmaakprosedures.
- (c) Elke laai-kompartement moet daagliks baie deeglik ontsmet en chemies skoongemaak word.

'n Persoon wat strydig met 'n bepaling van hierdie artikel optree, pleeg 'n misdryf.

5. Fasiliteit vir wegdoening en verbranding

- (1) 'n Goedgekeurde vervoerder moet die gesondheidsorgafval by 'n goedgekeurde fasiliteit vir die wegdoening van afval aflewer.
- (2) Die verbrandingsoond en proses van verbranding, wat wissel van hoogs vlugtige en hoë-verbrandingswaarde-plastiek tot hoë-waterinhoud-materiaal soos plasentas, moet aan die voorskrifte van alle toepaslike wetgewing voldoen en die persoon in beheer moet sertifisering in hierdie verband voorsien.
- (3) Die as voortspruitend uit die verbranding van gesondheidsorgafval kan sonder spesiale houers of etikettering mee weggedoen word.
- (4) 'n Persoon wat subartikel (1) oortree of 'n verbrandingsoond bedryf of 'n verbrandingsproses onderneem wat strydig met subartikel (2) is, begaan 'n misdryf.

AANHANGSEL A: 5

1. Standaarde vir ouetehuse

Ouetehuse moet aan die volgende standarde voldoen:

- (1) Registrasie en uitreiking van Gesondheidsertifikaat vir ouetehuse
- (2) Die perseel moet bedryf word volgens 'n geldige Gesondheidsertifikaat wat deur 'n Omgewingsgesondheidspraktisyn uitgereik is.
- (3) Die perseel moet die gesondheid van inwoners of ouer persone bevorder;
- (4) Die aansoeker moet voldoen aan die vereistes vir 'n Gesondheidsertifikaat. (Hoofstuk 3)
- (5) Voldoen aan die toepaslike regulasie wat Algemene Higiënevereistes vir Voedselpersele, die Vervoer van Voedsel en verwante aangeleenthede bepaal.

2. Strukturele en fisiese fasiliteite

- (1) Vloere en mure moet gemaak word van 'n nedeurdringbare materiaal wat maklik is om te was.
- (2) Plafonne moet gebou word op 'n wyse wat nie stof aantrek nie, en in die geval van operasieteatres, kraamsale, sterilisasiekamers en opwaskamers moet die plafon 'n harde, gladde en wasbare oppervlak hê.
- (3) Kamers moet voldoende en individueel belug en verlig wees.
- (4) Alle vensters in die kamers moet voldoende beskerm of beskut wees om die veiligheid van die diensgebruikers te verseker.

3. Vereistes vir akkommodasie

Die kamers en/of sale moet daaglik skoongemaak word en higiënies en vry van aanstootlike reuke gehou word.

4. Toilet- en ablusiegeriewe

- (1) Voldoende en toeganklike toilet-, bad- en wasgeriewe moet voorsien word.
- (2) Daar moet ten minste 1 (een) toilet en een bad voorsien word vir ten minste elke 8 (agt) diensgebruikers op die perseel (verhouding 1: 8). Waar 'n geskikte, aangepaste en-suite toilet en bad/stort in die gebruikers se kamers voorsien word, kan hierdie kamers buite rekening gelaat word. Die toiletgeriewe moet ontwerp word vir gebruik deur een persoon op 'n slag.
- (3) Elke diensgebruiker moet toegang hê tot toiletgeriewe in die nabye omgewing van sy/haar privaat akkommodasie of waar hy of sy versorg word.
- (4) Bykomende toiletgeriewe moet voorsien word langs die sitkamer en eetkamer wat deur diensgebruikers benut word en moet toeganklik en duidelik gemerk wees.
- (5) Elke toilet moet toegerus wees met 'n voldoende spoelstelsel en alle toilette, badkamers of storte moet in goeie werkende toestand onderhou word.
- (6) Alle toilette moet altyd skoongehou word; vloere moet daaglik geskrop en die toiletbak moet daaglik skoongemaak en ontsmet word.
- (7) Voldoende en toeganklike toilet-, was- en badgeriewe moet voorsien word vir personeel wat op die perseel werksaam is.
- (8) Alle badkamers moet gepas wees met porselein-, emalje- of gietyster-emalje baddens met 'n konstante voorraad koue en warm lopende drinkwater.
- (9) Die mure van die toiletgeriewe moet gemaak word van 'n gladde oppervlak en moet lig van kleur wees.
- (10) Toiletgeriewe moet voldoende verlig en belug wees.
- (11) Elke toiletgerief moet toegerus wees met 'n behoorlike spoelstelsel en moet in 'n behoorlik werkende toestand onderhou word.
- (12) Badkamers en toilette moet vir elke geslag aangewys word.
- (13) Die toiletgebiede moet voldoende verlig en belug wees.
- (14) Die badkamerkompleks moet met 'n liggekleurde, duursame en wasbare verf bedek wees.
- (15) Vloere moet bedek wees met 'n nie deurdringbare oppervlak wat maklik is om te was.

5. Ondersoekkamers

- (1) 'n Handwasbak met 'n voorraad koue en warm lopende water moet in alle ondersoekkamers beskikbaar wees.
- (2) Vloere en mure moet gemaak word van 'n nie deurdringbare oppervlak wat maklik is om te was.
- (3) Mure moet met 'n wasbare verf bedek wees.

6. Spoelkamers

- (1) Die spoelkamers moet goed belug en verlig wees.
- (2) Die kamers moet met ondeurdringbare rakke toegerus wees.
- (3) Die kamers moet ook toegerus wees met 'n handwasbak sodat personeel hulle hande met warm en koue lopende water kan was.
- (4) Vloere moet gemaak wees van 'n oppervlak wat maklik skoongehou kan word.

7. Bergingsgeriewe

Voldoende bergingsgeriewe moet voorsien word.

8. Algemene vereistes

- (1) Maatreëls moet ingestel word vir infeksiebeheer en om die verspreiding van infeksie en oordraagbare siektes te voorkom.
- (2) 'n Program vir vektorbeheer moet op die perseel in plek wees.
- (3) 'n Gebied vir wasgoed moet op die perseel beskikbaar wees waar linne en ander vuil artikels gewas kan word.
- (4) 'n Afsonderlike linnekamer met voldoende kaste of rakke vir die berging van linne moet op die perseel voorsien word.
- (5) Indien 'n eksterne kontrakteur vir wasgoeddoeleindes gebruik word, moet dit in 'n goedgekeurde wassery plaasvind.

AANHANGSEL A: 6

STANDAARDE VIR SKOOLPERSELE

Skoolpersele moet aan die volgende voldoen:

1. Uitreiking van 'n Gesondheidsertifikaat

- (1) Die perseel moet bedryf word volgens 'n geldige Gesondheidsertifikaat wat deur 'n Omgewings-geondheidpraktisyn uitgereik is.
- (2) Die perseel moet die gesondheid van studente/kinders bevorder.
- (3) Die aansoeker moet voldoen aan die vereistes vir 'n Gesondheidsertifikaat. (Hoofstuk 3)

2. Strukturele fasiliteite

- (1) Moet voldoen aan die goedgekeurde bouplan deur die plaaslike munisipaliteit.
- (2) Vloere en mure moet gemaak word van 'n nie-gevoeligbare oppervlak wat maklik is om te was.
- (3) Die plafon moet 'n harde, gladde en wasbare oppervlak hê.
- (4) Klaskamers moet voldoende belug en verlig wees en die goedgekeurde bouplan van die plaaslike munisipaliteit nakom.
- (5) Die skoolperseel moet met 'n goedgekeurde omheining beveilig wees.
- (6) 'n Buitespeelplek/gronde moet vir buitemuurse aktiwiteite op die skoolperseel beskikbaar wees.
- (7) Toilet- en ablusiegeriewe: Voldoende toilet- en wasgeriewe wat in die behoeftes van leerders en personeel voorsien, moet op die skoolperseel beskikbaar wees:
 - (a) Ten minste 1 (een) toiletgerief moet vir elke 25 kinders (verhouding 1:25) beskikbaar wees, en daarbenewens moet ten minste 1 (een) urinaal vir elke 50 seuns (verhouding 1:50) beskikbaar wees.
 - (b) Die skool se toiletgeriewe moet toegerus wees met 'n voldoende spoelstelsel en lopende water.
 - (c) Ten minste 1 (een) handwasbak moet vir elke (25) vyf-en-twintig kinders (verhouding 1:25) op die skoolperseel beskikbaar wees, toegerus met 'n konstante voorraad lopende water.
 - (d) Handwasbakke moet binne of onmiddellik langs die toilette wees.
 - (e) As toilette sonder spoelstelsels gebruik word, word belugting-verbeterde toilette aanbeveel.
 - (f) As puttoilette gebruik word, moet die ontwerp van die puttoilette op so 'n wyse gebou word dat dit nie 'n oorlas vir omgewingsgesondheid veroorsaak nie.
 - (g) Puttoilette moet so gestruktureer wees dat dit deur klein kinders gebruik kan word (kleiner en laer) en deure moet van buite oopgemaak kan word.
 - (h) Die puttoilette moet in goeie werkende toestand onderhou en gereeld skoongemaak word om reuke te voorkom en te verhoed dat vlieë die toiletgeriewe binnekom.
 - (i) Afsonderlike toilette en geriewe vir hande was moet vir personeel op die perseel voorsien word.
 - (j) Toilet- en wasgeriewe vir personeel kan ook vir gebruik deur besoekers oop wees. Ten minste 1 (een) toilet en ten minste 1 (een) handwasbak moet vir elke twintig personelede op die perseel voorsien word (verhouding 1:20).

- (k) Personeel se toilette moet volgens geslag geskei wees.
- (l) Toiletgeriewe moet behoorlik verlig en belug wees en voldoen aan die bouplan wat deur die plaaslike munisipaliteit goedgekeur is.
- (m) Toilette moet maklik vir almal toeganklik wees.
- (n) Toilette moet daaglik skoongemaak word.
- (o) 'n Skoonmaak- en instandhoudingsplan moet in plek wees vir die skoonmaak en onderhoud van alle toilette.
- (p) 'n Voldoende voorraad seep en toiletpapier moet altyd in die toiletgeriewe beskikbaar wees.

3. Watervoorsiening

- (1) Veilige drinkwater, met seep of 'n geskikte alternatief, moet by alle kritiese punte in die skool beskikbaar wees, veral in toiletgeriewe en kombuise.
- (2) Veilige toegangspunte vir drinkbare water moet altyd toeganklik wees.
- (3) Indien geen drinkwater op die perseel beskikbaar is nie, moet 'n minimum van 5 liter water per persoon per dag vir nie-inwonende kinders en personeel vir alle doeleindes (drink, persoonlike higiëne/hande was en skoonmaak) op die perseel gehou en higiënies geberg word. Vir koshuise moet 'n minimum van 20 liter water per persoon per dag vir alle inwonende skoolkinders en personeel vir die doeleindes van druk, was, skoonmaak en voedselvoorbereiding op die perseel beskikbaar wees.

4. Verblyf vir leerlinge en personeellede by koshuise

- (1) Voldoende slaap-, woon- en verblyfgeriewe moet vir kosgangers voorsien word moet aan die vereistes van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet No. 103 van 1977) ten opsigte van belugting en beligting voldoen.
- (2) Afsonderlike slaapplekke moet vir inwonende manlike en vroulike leerders voorsien word.
- (3) Afsonderlike slaap- en leefplekke moet vir personeel op die perseel voorsien word.
- (4) Vir slaapsale moet 'n vloerruimte van minstens 4.2 m² vir elke leerling voorsien word, met 'n afstand van minstens 0.9 m tussen elke bed.
- (5) 'n Afskorting vir een leerling met 'n eie venster en minimum vloeroppervlak van 5.0 m² moet voorsien word.
- (6) 'n Enkelkamer vir een leerling moet 'n minimum vloeroppervlak van 6.0 m² hê.
- (7) Slaapplekke moet skoongehou word. 'n Vloerruimte van nie minder nie as 2.3 m² moet in alle leefareas vir elke leerling en personeel op die perseel beskikbaar wees.

5. Siekeboegfasiliteite

- (1) 'n Siekeboeg moet vir die isolasie van siek leerlinge op die perseel voorsien word.
- (2) Die gebied moet van 'n handwasbak met 'n toevoer lopende water voorsien word.
- (3) 'n Goedgekeurde, sluitbare en voldoende toegeruste noodhulpkissie moet in die siekeboeg beskikbaar gestel word vir die behandeling van geringe beserings of siektes.

6. Mediese sorg vir leerders en studente

- (1) Stel onmiddellik die betrokke gesondheidspraktisyn in kennis indien daar vermoed word dat 'n siekte oordraagbaar is.
- (2) Leerders wat vermoedelik aan 'n oordraagbare siekte ly, moet verbied word om 'n skool by te woon as die persoon na die mening van die betrokke gesondheidswerker 'n gesondheidsrisiko vir ander leerders inhou en die siekte kan oordra.
- (3) Voldoende voorsiening moet gemaak word vir weggooibare handskoene en ontsmettingsmiddels om personeel en kinders te beskerm en om besmette gebiede en oppervlakke te ontsmet wanneer bloedverwante siektes en beserings hanteer word; alle gesondheidsorgrisiko-afval moet veilig hanteer en mee weggedoen word.

- (4) Alle gebiede en oppervlakke waar die behandeling van 'n kind of versorger vir 'n siekte of 'n besering plaasgevind het, moet onmiddellik ontsmet word.

7. Algemene vereistes

- (1) Geneesmiddels, skoonmaakmiddels, plaagdoders en ander skadelike stowwe moet op sluitbare plekke geberg word en toegang moet slegs gegee word aan werknemers wat vir die gebruik van daardie items verantwoordelik is.
- (2) Die skoolterrein moet altyd skoongehou word.
- (3) Stelsels vir die verwydering van afvalwater moet op die perseel in plek wees en aan die toepaslike verordeninge van die betrokke plaaslike owerheid voldoen.

AANHANGSEL A: 7

STANDAARDE VIR VERBLYFONDERNEMINGS

Verblyfondernemings moet aan die volgende voldoen:

1. Uitreiking van 'n Gesondheidsertifikaat

- (1) Die perseel moet bedryf word volgens 'n geldige Gesondheidsertifikaat wat deur 'n Omgewingsgesondheidpraktisyn uitgereik is.
- (2) Die aansoeker moet voldoen aan die vereistes vir 'n Gesondheidsertifikaat. (Hoofstuk 3)

2. Vereistes vir strukturele fasiliteite en verblyf

- (1) Plafonne en mure van kamers moet van 'n stofvrye materiaal gemaak wees.
- (2) Mure moet glad afgewerk word.
- (3) Die vloeroppervlak van kombuise, opwaskamers, wasgoedkamers, badkamers, storte, ablusiegeriewe en toilette moet van nie deurdringbare, maklik wasbare materiaal gemaak word.
- (4) Alle kamers, gange, trappe, badkamers, kombuis en ander gebied moet voldoende belug en verlig wees kragtens die bepalings van die Nasionale Bouregulasies en die Wet op Boustandaarde.
- (5) Elke kamer moet kunsmatige of natuurlike belugting hê.
- (6) Fasiliteite vir gestremdes moet op die perseel voorsien word, soos opritte om mense met gestremdhede in staat te stel om gemaklik binne en om die perseel te beweeg.
- (7) Kamers vir verblyf moet skoongehou word.
- (8) Inwonende werknemers moet van afsonderlike slaapperiewe op die perseel voorsien word.

3. Toilet- en ablusiegeriewe

- (1) Toiletgeriewe en handwasbakke moet toegerus wees met 'n spoelstelsel en voldoende voorraad lopende drinkwater.
- (2) Baddens en/of storte moet voorsien word.
- (3) Geskikte en doeltreffende metodes vir dreinerings en rioolverwydering wat verbind is aan 'n goedgekeurde wegdoeningstelsel, moet in plek wees en deur die betrokke plaaslike owerheid goedgekeur wees.
- (4) 'n Rioolstelsel wat water gebruik en aan die munisipale riool verbind is, 'n septiese tenk of ander goedgekeurde wegdoeningstelsel moet vir rioolverwydering gebruik word, in ooreenstemming met die plaaslike owerheid se toepaslike verordeninge.
- (5) Stelsels vir dreinerings en rioolverwydering moet in 'n behoorlik werkende toestand onderhou word.
- (6) Voldoende toilet papier, seep en handdoeke moet in die ablusiegeriewe voorsien word.
- (7) Alle water-, ablusie- en sanitêre toebehore moet skoongehou word.

- (8) Personeel op die perseel moet voorsien word van afsonderlike en voldoende toilet- en wasgeriewe. Ten minste 1 (een) toilet en handwasbak, bad/stort moet vir elke 12 (twaalf) personeellede op die perseel voorsien word (verhouding 1:12).

4. Swem- en stoombaddens

Indien stoombad-/swembadgeriewe vir gebruik deur gaste op die perseel voorsien word:

- (1) Moet die bestuur toesien dat die monsterneming van die stoom-/swembad gereeld gedoen word en op versoek van die Omgewingsgesondheidpraktisyn die uitslae van die monsters verskaf.
- (2) Die fasiliteite moet skoon en in 'n goeie werkende toestand onderhou word.

5. Algemene higiënevereistes

- (1) Die perseel en alle toerusting wat tydens die gebruik van die geriewe gebruik word, moet altyd in 'n skoon, sanitêre en werkende toestand onderhou word.
- (2) 'n Program vir knaagdier-/plaagbeheer moet op die perseel in plek wees sodat dit nie 'n gesondheidsoorlas uitmaak nie.

AANHANGSEL A: 8

STANDAARDE VIR SKOONHEIDSALONNE

Skoonheidsalonne moet aan die volgende vereistes voldoen:

1. Uitreiking van 'n Gesondheidsertifikaat

- (1) Die perseel moet bedryf word volgens 'n Gesondheidsertifikaat wat deur 'n Omgewingsgesondheidpraktisyn uitgereik is.
- (2) Die aansoeker moet voldoen aan die vereistes vir 'n Gesondheidsertifikaat. (Hoofstuk 3)

2. Strukturele fasiliteite

- (1) Interne mure moet van 'n maklik wasbare materiaal gemaak word en moet met 'n ligkleurige verf bedek word.
- (2) Vloere moet van 'n maklik wasbare materiaal gemaak wees en gelyk afgewerk word.
- (3) Die plafon moet van 'n stofdigte materiaal gemaak word.
- (4) Die perseel moet voldoende belug en verlig wees.
- (5) Die kliënte en werknemers moet van toilet- en ablusiegeriewe op die perseel voorsien word. Ten minste 1 (een) toilet- en handwasbak moet op die perseel vir elke twintig werknemers (verhouding 1:20) voorsien word en ten minste een toilet- en handwasbak moet vir elke twintig kliënte (verhouding 1:20) voorsien word, en moet toegerus wees met 'n konstante voorraad lopende water. Die toiletgeriewe moet met 'n spoelstelsel toegerus wees.
- (6) Voldoende wasgeriewe met 'n konstante voorraad warm en koue lopende drinkwater moet op die perseel vir die was van hare beskikbaar wees.
- (7) 'n Goedgekeurde stelsel vir die wegdoening van afvalwater moet op die perseel teenwoordig wees.
- (8) Die kleedkamers moet 'n individuele sluitkas vir elke werknemer hê en 'n handwasbak met 'n voorraad warm en koue lopende drinkwater, asook 'n voldoende voorraad seep en weggooibare handdoeke moet voorsien word.

- (9) Alle vullis moet op 'n omgewingsvriendelike wyse en in ooreenstemming met toepaslike verordeninge van die betrokke plaaslike owerheid verwyder word.
- (10) 'n Sentrale bergingsgebied vir vullis moet op die perseel voorsien word vir die berging van afval in voordat dit vir wegdoening afgehaal word.
- (11) 'n Voldoende aantal vullissakke en/of -dromme moet op die perseel vir die versameling van afval voorsien word. Die vullissakke moet dus na die sentrale bergingsgebied oorgedra word.
- (12) Die salonperseel mag nie vir voedselvoorbereiding of slaap gebruik word nie, tensy 'n afsonderlike gebied vir voedselvoorbereiding vir so 'n ander doel voorsien word.
- (13) Die perseel en alle toerusting wat in verband daarmee gebruik word, moet altyd in 'n goeie toestand, skoon en sanitêr onderhou word.
- (14) Diere word nie op die perseel toegelaat nie, behalwe in die geval van 'n gidshond.
- (15) Instrumente wat in die salon gebruik word, moet na elke gebruik skoongemaak en ontsmet word.
- (16) Alle instrumente wat met bloed in aanraking kom, moet na elke gebruik gesteriliseer word.
- (17) 'n Voldoende aantal handdoeke moet voorsien word vir verskeie gebruike wat verband hou met die bedryf van die besigheid en moet skoongehou word.
- (18) Wasgeriewe vir die was van alle linnegoed en handdoeke moet voorsien word.
- (19) Indien drinkgoed op die perseel voorsien word, moet 'n afsonderlike gebied voorsien word met 'n fasiliteit wat vir die skoonmaak van breekware en eetgerei toegerus is.

3. Afvalbestuur

